13 - 16 jaar

My Refleksie

# Bybel Joernaal

Boek 4

Heuningsoet Woord & Gees
Psalm 19:10&11

‘n Self-doen Refleksie Bybel Joernaal vir tieners 13 tot 16 jaar.
Saamgestel en geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Tydens die deurwerk van hierdie Refleksie Joernaal
gaan jy daagliks aan verskillende Bybelgedeeltes blootgestel word.
Deur afwisselend tussen die Ou en Nuwe Testament te beweeg,
sal jy kosbare ontdekkings maak van wie God is en wat Sy plan vir die mens is.
Soos jy die Woord bestudeer en dieper daaroor nadink, bid ek dat Heilige Gees jou ook sal
wys hoe jy die Woord deel van jou eie lewe kan maak.
Jy sal met tyd meer leer van God se karakter en wie Hy werklik is.
God is goed en regverdig en Sy Woord getuig daarvan.
Soos jy die dissipline aanleer om gereeld tyd in God se Woord spandeer,
sal dit tot gevolg hê dat jy in jou geloof groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks toegewyd en puntsgewys deur die Bybelgedeeltes te beweeg, sal jy:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- leer om te reflekteer wat God vir jou, op daardie oomblik deur die Bybelverse wil sê
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- beleef hoe Heilige Gees vir jou sekere woorde of verse uitlig waarmee Hy spesifiek met jou wil gesels op die oomblik
- leer om vanuit die Woord te bid
- jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- leer om die kern/ hart of tema van ‘n spesifieke Bybelteks te identifiseer soos Heilige Gees dit aan jou openbaar op daardie oomblik
- met groter aandag en intensie Bybelverse te bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- waardevolle beloftes van God aan jou, neer te skryf en te memoriseer en so in jou hart en gedagtes vas te lê.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer
- God se kommunikasie deur die verse van Sy Woord te ervaar en...
- ‘n lewenslange fondasie te vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur ‘n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie Reflekterende Bybel Joernaal tot seën wees vir jou!

**Alle Bybel aanhalings is gemaak vanuit die Afrikaans 1983 vertaling.*

Hierdie *Refleksie* **Bybel Joernaal** behoort aan:

________________________________________

Datum:

____________________________

**Riglyne vir die deurwerk van hierdie 30 dae *Refleksie Joernaal*:**

- Elke dag se Bybelgedeelte is gehaal vanuit die *1983 Afrikaanse Bybelvertaling*. Indien jou Bybelvertaling verskil van die 1983 vertaling, is jy welkom om die dag se Bybelgedeelte in jou eie Bybel op te soek en dan daaruit te lees. Op hierdie wyse sal jy ook beter leer waar die verskillende Bybelboeke in jou eie Bybel is. Vergelyk jou vertaing met die 1983 vertaling indien dit anders is.

- Indien jy nie merkies wil maak, verse wil beklemtoon ("highlight") of wil onderstreep in jou eie Bybel nie, is die ***Refleksie Joernaal*** se daaglikse Bybeluittreksel daar vir jou om lekker te reflekteer, merk en in te kleur wat vir jou uitstaan of aanraak.

- Onthou, hierdie is jou joernaal. Leef jou in die Bybeltekste in. Maak dit jou eie en skryf alles wat in jou hart en gedagtes opkom neer in die spasies waar die vrae is. Skryf neer waaroor jy wonder (hoe snaaks of vreemd dit mag klink). Skryf jou vrae neer selfs al het jy nie antwoorde daarop op daardie oomblik nie - jy sal verbaas wees hoe Heilige Gees jou lei in die Waarheid oor verloop van tyd!

- Soos jy deur die daaglikse Bybelgedeeltes beweeg sal jy agterkom dat jy nuuskierig kan raak wat voor die dag se uittreksel gebeur het, of wat daarna gaan plaasvind. Dis hoe Heilige Gees jou honger maak om meer tyd in die Woord te spandeer. Stop vir 'n dag en lees verder soos wat jy voel Heilige Gees jou lei.

- **BELANGRIK VOOR ELKE LES:** Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy deur jou Bybel gaan lees en tyd met Hom gaan spandeer.

## Dag 1 LUKAS 8

### Vroue wat vir Jesus gesorg het

1In die tyd wat nou gevolg het, het Jesus die land deurkruis van die een stad en dorp na die ander. Oral het Hy gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig.

Die twaalf was saam met Hom 2en daarby 'n aantal vroue wat van bose geeste en siektes genees was. Daar was Maria, bekend as Magdalena, uit wie sewe bose geeste uitgegaan het, 3en Johanna die vrou van Gusa, 'n hoë amptenaar van Herodes, en Susanna en baie ander. Hierdie vroue het uit eie middele vir Jesus en die twaalf gesorg.

### Gelykenis van die saaier

4Uit die verskillende dorpe het aanhoudend mense na Jesus toe gestroom, en toe 'n groot menigte saamgekom het, het Hy vir hulle 'n gelykenis vertel:

5"'n Saaier het uitgegaan om saad te saai. Met die saai het 'n deel op die pad geval, en dit is vertrap en die voëls het dit opgepik. 6'n Ander deel het op 'n klipbank geval, en nadat dit opgekom het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie. 7Nog 'n ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het daarmee saam gegroei en dit laat verstik. 8Daar was ook 'n deel wat in goeie grond geval het, en dit het opgekom en 'n honderdvoudige oes gelewer." Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: "Wie ore het en kan hoor, moet luister!"

### Die doel van die gelykenisse

9Sy dissipels het Hom gevra wat die betekenis van hierdie gelykenis is. 10Hy het geantwoord: "Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van God te ken, maar vir die ander bly dit by gelykenisse sodat

"hulle kyk sonder om te sien en hoor sonder om te verstaan. "

### Jesus verklaar die gelykenis van die saaier

11"Die betekenis van die gelykenis is dit: Die saad is die woord van God. 12Dié wat op die pad val, dui op mense wat die woord hoor, maar dan kom die duiwel en neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom en gered word nie. 13Dié wat op die klipbank val, dui op hulle wat die woord met blydskap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet nie wortel nie. Hulle geloof hou net 'n tydjie. Die oomblik dat dit op die proef gestel word, gee hulle moed op. 14Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die woord hoor, maar deur die sorge en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie. 15Die deel wat in goeie grond val, dui op dié wat die woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar en deur volharding vrug dra."

### Die gelykenis van die lamp

16"Niemand steek 'n lamp op en maak dit dan met iets toe of sit dit onder 'n bed nie. Inteendeel, hy sit dit op 'n staander sodat die mense wat binnekom, die lig kan sien. 17Daar is niks geheim wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie.

18"Pas dus op hoe julle luister, want wie het, vir hom sal daar nog meer gegee word,

maar wie nie het nie, van hom sal ook wat hy dink dat hy het, weggevat word."

### Die moeder en die broers van Jesus

19Die moeder en die broers van Jesus het na Hom toe gekom, maar vanweë die gedrang kon hulle nie tot by Hom kom nie. 20Iemand sê toe vir Hom: "U moeder en u broers staan buite en wil met U praat."

21Maar Jesus sê: "My moeder en my broers is dié wat na die woord van God luister en daarvolgens handel."

### Jesus maak die storm stil

22Op 'n dag het Jesus en sy dissipels in 'n skuit geklim en Hy het vir hulle gesê: 23"Kom ons gaan na die oorkant van die meer toe."

Hulle vaar toe weg, en terwyl hulle seil, raak Jesus aan die slaap. 'n Hewige stormwind het op die meer losgebars en die skuit het vol water begin word sodat hulle in lewensgevaar was. 24Hulle gaan toe na Jesus toe en maak Hom wakker met die uitroep: "Meneer, Meneer, ons vergaan!"

Toe staan Hy op en bestraf die wind en die golwe. 25Hulle het bedaar, en daar het stilte gekom. Toe sê Jesus vir hulle: "Waar is julle geloof dan?"

Maar hulle was verskrik en verbaas en het vir mekaar gesê: "Wie is Hy tog? Hy gee bevele aan wind en water, en hulle is aan Hom gehoorsaam!"

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') al Jesus se woorde.

3. Skryf 'n vers neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte dra.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.


Vers : ___________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 2 **PSALMS 1**

**Die Here lei die regverdiges**

1Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,

2maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.

3Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie.

Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.

4So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word.

5Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie 'n plek hê in die vergadering van regverdiges nie.

6Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.

1. Kleur ‘n vers in wat vir jou uitstaan (‘highlight’).

2. Wat dink jy was Dawid se kerngedagte of rede hoekom hy hierdie Psalm geskryf het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Kies ‘n vers wat ‘n belofte vanuit God se hart beskryf en skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Skryf ‘n mooi karaktereienskap van Dawid neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat het jy geleer uit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Dink aan ‘n vraag wat jy vir God sal wil vra nadat jy hierdie Psalm gelees het. Skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 3 GENESIS 1

## God se skeppingswerk

1In die begin het God die hemel en die aarde geskep. 2Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.

3Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!"

En daar was lig.

4God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei. 5God het die lig toe "dag" genoem, en die donker het Hy "nag" genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die eerste dag.

6Toe het God gesê: "Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei."

7So het dit gebeur.

God het die gewelf gemaak en die waters onder die gewelf geskei van die waters bo die gewelf. 8God het die gewelf "hemel" genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die tweede dag.

9Toe het God gesê: "Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word."

So het dit gebeur.

10God het die droë grond "aarde" genoem, en die waters wat bymekaargekom het, het Hy "see" genoem. En God het gesien dit is goed.

11Toe het God gesê: "Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit."

So het dit gebeur.

12Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed. 13Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die derde dag.

14Toe het God gesê: "Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae en jare aan te dui. 15Hulle moet ligte wees aan die hemelgewelf om op die aarde lig te gee."

So het dit gebeur.

16God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre. 17God het hulle in die hemelgewelf geplaas om op die aarde lig te gee, 18om oor dag en nag te heers en om lig en donker van mekaar te skei. En God het gesien dit is goed.

19Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die vierde dag.

20Toe het God gesê: "Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg."

21God het die groot seediere geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard; ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed.

22Toe het God hulle geseën: "Wees vrugbaar, word baie en bewoon al die waters van die see. En laat die voëls baie word op land."

23Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die vyfde dag.

24Toe het God gesê: "Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard."

So het dit gebeur.

25God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed.

26Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

27God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

28Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."

29Verder het God gesê: "Let op! Ek gee aan
julle al die plante wat saad gee op die hele
aarde; ook al die bome wat vrugte dra en
saad gee. Dit sal julle kos wees. 30Maar aan
die wilde diere op die aarde en aan die voëls
in die lug en aan die diere wat op die aarde
kruip, aan alles wat leef, gee Ek al die groen
plante as kos."

So het dit gebeur.

31Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.


1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.

2. Watse skeppingsdag staan vir jou uit? Hoekom?

3. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

4. Glo jy dat God vandag nog skep? Verduidelik jou antwoord.

5. Verduidelik watse herhalende partoon jy agterkom in die skeppingsverhaal.



## Dag 4 HANDELINGE 1

### Die belofte van die Heilige Gees

1My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af 2tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. 3Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. 4Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. 5Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”

6Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?”

7Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. 8Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

### Jesus se hemelvaart

9Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. 10Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. 11Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”

### Judas se opvolger

12Daarna het hulle na Jerusalem toe teruggegaan van die berg af. Dit is die Olyfberg, vlak by die stad, 'n sabbatsreis ver. 13In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus. 14Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.

15In daardie tyd was daar 'n byeenkoms van die sowat honderd en twintig gelowiges. Petrus het die leiding geneem en gesê: 16-17“Broers, die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word. Hy is as een van ons gereken en is ook gekies om 'n aandeel in ons werk te hê, maar hy het die gids geword van dié wat vir Jesus gevange geneem het.

18“Met die geld wat Judas vir sy misdaad gekry het, het hy 'n stuk grond gekoop. Daar het hy vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgepeul. 19Dit het bekend geword onder al die inwoners van Jerusalem. Daarom word die plek in hulle taal Akeldama genoem. Dit beteken Bloedgrond.

20“In die boek van die Psalms staan daar:

"Laat sy woonplek leeg word; laat niemand daarin woon nie, "en: "Laat 'n ander sy amp oorneem".

21-22"Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is."

23Hulle stel toe twee voor: Josef, wat ook Barsabbas of Justus genoem word, en Mattias. 24En die gelowiges het gebid: "Here, U wat die harte van almal ken, wys die een aan wat U uit hierdie twee verkies het 25om as apostel te dien in die plek wat Judas leeg gelaat het toe hy gegaan het na waar hy hoort."

26Hulle het geloot, en die loting het vir Mattias aangewys. So is hy gekies as die twaalfde apostel.

1. Kies een vers wat jy graag sal wil memoriseer of vir altyd wil onthou.

2. Beklemtoon ('highlight') 'n belofte wat jy raaksien wat God aan jou gee.

3. Wat het jy geleer vanuit hierdie Bybelgedeelte?

4. Onderstreep al Jesus se woorde.

5. Kan jy dink aan enige iets wat jy graag sal wil vra of iets waaroor jy wonder nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het. Skryf dit hieronder neer.

6. Watter waarheid oor wie God (Jesus) is, word vir jou uitgebeeld in hierdie Bybelgedeelte?

7. Kies 'n Bybelkarakter vanuit die Skrifgedeelte en vertel hoekom jy van sy optrede hou / nie hou nie.

8. Watse voorbeeld van Petrus kan jy ook nastreef om te volg?

## Dag 5 EKSODUS 5

### Moses en Aäron gaan na die farao toe

1Daarna het Moses en Aäron na die farao toe gegaan en gesê: "So sê die Here die God van Israel: Laat my volk gaan om tot my eer 'n fees in die woestyn te vier."

2Maar die farao het geantwoord: "En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie!"

3Hulle sê toe: "Die God van die Hebreërs het Hom aan ons geopenbaar. Laat ons asseblief drie dagreise die woestyn in trek om 'n offer vir ons God, die Here, te bring, anders tref Hy ons dalk met die pes of die swaard."

4Maar die koning van Egipte het vir hulle gesê: "Moses en Aäron, waarom hou julle die volk van hulle werk af weg? Gaan terug na julle werk toe! 5Julle mense is alreeds te veel en nou wil julle hulle ook nog laat ophou werk!"

6Dieselfde dag nog het die farao die slawedrywers van die volk en hulle opsigters beveel: 7"Julle mag nie meer soos vroeër vir die volk strooi gee om bakstene mee te maak nie. Laat hulle self gaan strooi bymekaarmaak, 8en julle moet van hulle dieselfde hoeveelheid stene as tevore bly eis. Julle mag niks verminder nie! Hulle is net lui, daarom hou hulle aan met neul: 'Ons wil vir ons God gaan offer.' 9Die werk moet vir die manne so swaar wees en hulle so besig hou dat hulle nie hulle ore uitleen vir allerhande leuens nie."

10Toe het die slawedrywers en die opsigters van die volk vir hulle gaan sê: "So sê die farao: Julle kry nie meer strooi nie. 11Loop haal dit self waar julle dit ook al kan kry, maar aan die hoeveelheid werk word niks verminder nie."

12Die volk het toe dwarsoor Egipte stoppels bymekaargemaak, 13en die slawedrywers het hulle aangejaag en gesê: "Julle moet nog elke dag net soveel lewer soos toe daar nog strooi verskaf is."

14Boonop het die farao se slawedrywers die Israelitiese opsigters geslaan en vir hulle gesê: "Waarom het julle nie vandag net soos vroeër dieselfde hoeveelheid stene gemaak nie?"

15Die Israelitiese opsigters kom kla toe by die farao: "Waarom maak u so met u werksmense? 16Daar word nie meer strooi aan ons verskaf nie, en tog bly die drywers vir ons sê: 'Maak bakstene!' Ons word mishandel, maar eintlik lê die fout by ú mense."

17Toe sê die farao: "Julle is lui! Lui! Dit is dié dat julle bly sê: 'Ons wil vir die Here gaan offer.' 18Loop! Gaan werk! Hulle sal nie meer vir julle strooi gee nie, maar julle kwota bakstene sal julle lewer."

19Toe die farao vir die Israelitiese opsigters sê dat die daaglikse kwota bakstene nie verminder gaan word nie, het hulle besef watter ramp hulle getref het. 20Moses en Aäron het hulle buite ingewag, en toe die opsigters van die farao af by hulle kom, 21sê hulle vir Moses en Aäron: "Mag die Here julle straf omdat julle ons naam sleg gemaak het by die farao en sy amptenare en vir hulle 'n swaard in die hand gegee het om ons mee dood te maak."

### Moses word weer deur die Here na die farao toe gestuur

22Daarna het Moses weer na die Here gegaan en gesê: "Here, waarom werk U so sleg met hierdie volk? Waarom het U my

nou eintlik gestuur? 23Van die eerste oomblik af dat ek by die farao gekom het om in u Naam te praat, het hy hierdie volk mishandel. Tog het U niks gedoen om u volk te red nie!"

24Toe sê die Here vir Moses: "Nou sal jy sien wat Ek met die farao gaan doen: Ek gaan hom dwing om my volk te laat gaan; ja, Ek gaan hom dwing om hulle uit sy land uit weg te jaag."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (highlight) God se woorde oral waar Hy met die mens gepraat het.

3. Skryf 'n vers of sin neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte dra.

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

6. Noem die effek (nagevolg) van gehoorsaamheid aan God se opdrag, wat voorkom in hierdie Skrifgedeelte.

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

7. Hoe kan jy anders/dieselfde as enige van hierdie Bybekarakters optree, of dalk iets nuuts leer vanuit hulle foute/gehoorsaamheid?

Karakter: _____________________________

My optrede sal wees ____________________

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

8. Skryf 'n waarheid neer van wie God is / 'n karkatereienskap van God wat jy vanuit die Bybelgedeelte agterkom. Verduidelik hoekom jy dit sê.

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________



## Dag 6 1 KORINTIËRS 6

### Hofsake tussen gelowiges

1Gaan iemand van julle wat 'n saak teen 'n
ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy
reg by heidense regters soek en nie by
gelowiges nie? 2Of weet julle nie dat die
gelowiges oor die wêreld sal oordeel nie?
En as julle oor die wêreld sal oordeel, is julle
dan onbevoeg vir sulke geringe
hofsake? 3Weet julle nie dat ons oor die
engele sal oordeel nie? Dan tog seker ook
oor alledaagse dinge. 4As julle oor
alledaagse dinge geskille het, laat julle dan
dié mense as regters optree op wie die
gemeente neersien? 5Ek sê dit om julle
skaam te maak. Is daar dan nie 'n enkele
verstandige mens onder julle wat 'n saak
tussen gelowiges kan besleg nie? 6Maar
gaan een gelowige nou met die ander hof
toe, en dit voor ongelowige regters?

7Eintlik is julle saak al klaar verlore, omdat
julle hofsake met mekaar het. Waarom ly
julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle
julle nie liewer te kort doen nie? 8In plaas
daarvan pleeg julle onreg en doen ander te
kort, en dit doen julle aan medegelowiges.

9Of weet julle nie dat mense wat onreg
doen, geen deel sal kry aan die koninkryk
van God nie? Moenie julleself mislei nie:
geen onsedelikes of afgodsdienaars of
egbrekers of mense wat homoseksualiteit
beoefen 10of diewe of geldgieriges of
dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal
deel kry aan die koninkryk van God
nie. 11En so was party van julle juis ook.
Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is
geheilig, julle is vrygespreek in die Naam
van die Here Jesus Christus en deur die
Gees van ons God.

### Verheerlik God in julle liggame

12Daar is mense wat sê:

“Alles is my geoorloof.”

Ja, maar nie alles is heilsaam nie.

“Alles is my geoorloof,” sê hulle.

Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets

laat verslaaf nie. 13Hulle sê ook:

“Kos is vir die maag,en die maag vir kos.”

Goed, maar God sal die een sowel as die
ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam is
nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie,
maar is daar vir die Here, wat ook oor ons
liggaam Here is. 14God het deur sy krag die
Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons
ook opwek.

15Weet julle nie dat julle liggaam deel is van
Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus
neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou
maak? Beslis nie! 16Of weet julle nie dat
iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang
het, liggaamlik een met haar is nie? God sê
immers: “Die twee sal een word.” 17Maar
wie hom met die Here verenig, is geestelik
een met Hom.

18Julle moet niks met seksuele
losbandigheid te doen hê nie. Elke ander
sonde wat 'n mens doen, vind buite sy
liggaam plaas, maar iemand wat seksueel
losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie
liggaam. 19Of besef julle nie dat julle
liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is
nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle
woon, van God ontvang, en julle behoort
nie aan julleself nie: 20julle is gekoop, en
die prys is betaal. Julle moet God dus in julle
liggaam verheerlik.



1. Onderstreep ‘n vers/e wat vir jou uitstaan.

2. Skryf ‘n vers/sin neer wat jy glo die hart of tema van die Skrifgedeelte bevat.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Kies ‘n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig / verander deur meer so te leef.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Kies ‘n vers en verander dit in ‘n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ______________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Skryf ‘n waarheid oor God neer wat jy vanuit hierdie teks raaklees.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Noem ‘n verskil wat jy agterkom in die leefwyse tussen gelowiges en ongelowige mense?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

8. Is daar iets wat jy nie verstaan nie, of dalk ‘n vraag oor wil vra? Skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 7 DANIËL 1

### Daniël en sy vriende in die paleis van Nebukadnesar

1In die derde regeringsjaar van koning
Jojakim van Juda het koning Nebukadnesar
van Babel teen Jerusalem opgetrek en dit
beleër. 2Die Here het vir koning Jojakim
oorgegee in Nebukadnesar se mag, en ook
'n gedeelte van die tempelgereedskap, en
hy het dit na Sinar, na die tempel van sy god
toe gevat, en daar het hy dit in die
voorraadkamer van die tempel van sy god
gebêre.

3Die koning het vir Aspenas, sy
hoofpaleisbeampte, beveel om uit die
Israeliete jongmanne na die paleis toe te
bring, uit die koninklike geslag en uit die
geslag van vername mense. 4Die
jongmanne moes sonder liggaamsgebrek
wees, mooi, toegerus met kennis,
verstandig, bekwaam en in staat om in die
paleis diens te doen. Hulle moes onderrig
word in die Galdeërs se skrif en taal. 5Die
koning het bepaal dat hulle 'n daaglikse
porsie van sy kos en wyn moet ontvang en
dat hulle drie jaar lank opgelei moet word.
Daarna moet hulle in diens van die koning
tree. 6Onder hierdie Judeërs was daar
Daniël, Gananja, Misael en Asarja, 7maar
die hoofpaleisbeampte het vir hulle ander
name gegee: Daniël is Beltsasar genoem,
Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja
Abednego.

8Daniël het hom voorgeneem om hom nie
met die koning se kos en wyn te
verontreinig nie en hy het die
hoofpaleisbeampte vergunning gevra om
dit nie te gebruik nie. 9God het die
hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek
gestem teenoor Daniël. 10Maar hy het vir
Daniël gesê: "Ek is bang vir die koning. Hy
het bepaal wat julle moet eet en drink en as
hy sien julle voorkoms is nie so goed soos
dié van die ander jongmanne van julle
ouderdom nie, is ek oor julle in die
moeilikheid by hom."

11Toe sê Daniël vir die amptenaar wat deur
die hoofpaleisbeampte aangestel is om
toesig te hou oor Daniël, Gananja, Misael
en Asarja: 12"Maak asseblief tien dae lank
'n proefneming met ons en laat hulle vir ons
net groente gee om te eet en water om te
drink. 13Vergelyk dan ons voorkoms met
dié van die jongmanne wat van die koning
se kos eet, en handel dan met ons na bevind
van sake."

14Die amptenaar het toe hulle versoek
toegestaan en tien dae lank 'n proefneming
met hulle gemaak.

15Ná tien dae het hulle mooier en gesonder
daar uitgesien as die jongmanne wat van
die koning se kos geëet het. 16Toe het die
amptenaar die koning se kos en wyn vir
goed van hulle af weggehou en vir hulle net
groente gegee.

17God het aan hierdie vier jongmanne
verstand gegee en insig in alles wat geskryf
is, en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of
droom uitlê.

18Op die tyd wat koning Nebukadnesar
bepaal het dat die jongmanne voor hom
gebring word, het die hoofpaleisbeampte
dit gedoen. 19Die koning het met hulle
gepraat en hy het onder almal niemand
gevind soos Daniël, Gananja, Misael en
Asarja nie. Toe het hulle in diens van die
koning getree.

20In enige saak wat wysheid en insig vereis
het en waaroor die koning hulle uitgevra
het, was hulle tien maal beter as al die

towenaars en voorspellers in sy hele koninkryk.

21Daniël het in diens van die paleis gebly tot die eerste regeringsjaar van koning Kores.

1. Onderstreep 'n vers of twee vanuit die Skrifgedeelte, wat met jou hart gepraat het terwyl jy daardeur gelees het.

2. Waaroor wonder jy soos wat jy deur die teks gelees het? Skryf dit neer.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

3. Skryf 'n sin/vers neer waar jy raaklees hoe God Sy kinders se geloof in Hom beantwoord het.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

4. Wat is die effek/invloed van geloof in God, wat jy raaklees vanuit die Skrifgedeelte van vandag?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

6. Trek 'n sikel om die vers(e) wat vir jou interessant is.

7. Watse waarheid oor wie God is leer jy vanuit hierdie Bybelgedeelte?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

8. Noem 'n optrede/karaktereienskap van Daniël wat jy bewonder.

__________________________________

__________________________________

__________________________________



## Dag 8 EFESIËRS 4

### Die eenheid van die kerk

1Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. 2Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

4Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

7Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. 8Daarom sê die Skrif:

“Toe Hy na die hoogte opgevaar het,

het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”

9Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. 10Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. 11En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. 12Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. 13So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. 14Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. 15Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, 16en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

### Die ou en die nuwe lewe

17In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, 18hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.

20Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

### Riglyne vir die nuwe lewe

25Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

26As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27Moenie die duiwel vatkans gee nie.

28As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.

29Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

30En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.

31Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. 32Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat jou oog vang.

2. Beklemtoon (highlight) ‘n waarheid oor Jesus/God wat jy vanuit die teks raaklees.

3. Skryf ‘n sin neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte opsom.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig ‘n antwoord hierop te hê nie).

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Het jy iets nuuts geleer of van bewus geword terwyl jy deur die verse gelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________


____________________________________

7. Skryf ‘n vers of sin neer vanuit die verse, wat jy wil memoriseer of onthou vir altyd.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 9 SPREUKE 3

1My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat ek jou voorskryf,

2want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker,

dit sal maak dat jy 'n vol lewe het.

3Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam,

maak dit 'n deel van jou lewe.

4So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens.

5Vertrou volkome op die Here

en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.

6Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

7Moenie dink jy het die wysheid in pag nie,

dien die Here en vermy wat sleg is:

8dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam.

9Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes,

10dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.

11My seun, aanvaar die straf wat van die Here kom en moet jou nie teen sy teregwysing verset nie,

12want die Here straf die mens wat Hy liefhet net soos 'n vader doen met sy seun.

13Dit gaan goed met die mens wat wysheid gevind het, wat insig as sy deel ontvang het,

14want dit bring meer winste in as silwer

en lewer 'n groter opbrengs as goud.

15Dit het meer waarde as edelstene; wat jy ook al as kosbaar beskou, niks kan daarmee vergelyk word nie.

16Die wysheid gee met die een hand 'n lang lewe en met die ander rykdom en eer.

17Die wysheid bring 'n ryk en 'n vol lewe.

18Dit is 'n bron van lewe vir wie dit aangryp,

dit gaan goed met dié wat daaraan vashou.

19Die Here het die fondament van die aarde met wysheid gelê en die hemel gebou met insig.

20Deur sy kennis is die groot waters van mekaar geskei en drup die wolke van vog.

21My seun, behou die takt en oorleg; moet dit nie uit die oog verloor nie,

22dit sal vir jou 'n mooi lewe verseker en soos 'n pragtige halssnoer vir jou wees;

23jy sal jou pad veilig loop en jou voet nie stamp nie;

24jy sal nie bang hoef te wees as jy gaan slaap nie; as jy gaan lê, sal jy rustig slaap.

25Moenie bang wees dat 'n ramp jou skielik sal oorval, dat die storm wat vir slegte mense bedoel is, jou sal tref nie,

26want die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in 'n strik beland nie.

27Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie.

28Moenie vir iemand sê: "Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou," as jy nou reeds kan help nie.

29Moenie kwaad teen iemand beplan terwyl hy vol vertroue by jou woon nie.

30Moenie 'n man sommer aankla as hy jou nie kwaad aangedoen het nie.

31Moenie 'n man wat sy mag misbruik, beny nie en moenie self soos hy maak nie,

32want die Here het 'n afkeer van 'n slegte mens, maar neem mense wat reg lewe, in sy vertroue.

33Die vloek van die Here rus op die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van dié wat aan Hom getrou is.

34Met hooghartige spotters dryf Hy die spot, maar Hy is goed vir dié wat beskeie is.

35Wyse mense verkry eer, maar dwase kom al hoe meer in die skande.

1. Kleur 'n vers/sin(ne) in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Salomo se kerngedagte hoekom hy hierdie wyshede neergeskryf het?

______________________________

______________________________

______________________________

3. Kies 'n vers/sin wat prakties waar is vir jou en jy al beleef het.

______________________________

______________________________

______________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van God neer wat jy opmerk vanuit hierdie wyshede.

______________________________

______________________________

______________________________

5. Wat het jy nuut geleer vanuit hierdie Spreuke van Salomo vandag?

______________________________

______________________________

______________________________

6. Skryf 'n vers neer wat vir jou 'n duidelike prentjie beskryf (visualiseer) wanneer jy dit lees.

______________________________

______________________________

______________________________

7. Skryf 'n vers neer wat jy graag sal wil memoriseer. Skryf dit dan op 'n 'sticky-note' of kaartjie, sodat jy dit gereeld kan sien en aan die waarheid daarvan herhinner word.

______________________________

______________________________

______________________________



# Dag 10 MARKUS 5

### Die besetene van Gerasa

1Daarna het hulle oorkant die see in die land van die Geraseners aangekom. 2Net toe Jesus uit die skuit klim, het daar van die grafte af 'n man met 'n onrein gees Hom tegemoet gekom.

3Die man het tussen die grafte gebly. Niemand kon hom selfs met 'n ketting vasbind nie, 4want hulle het hom al dikwels met voet- en handboeie vasgemaak, maar dan ruk hy die handboeie uitmekaar en skop die voetboeie stukkend. Niemand kon hom baasraak nie. 5Hy was dag en nag aan die skreeu tussen die grafte en in die berge, en dan kap hy homself met klippe.

6Hy het Jesus al van ver af gesien en nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval 7en hard geskreeu: “Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U: In Gods Naam, moet my nie pynig nie!” 8want Jesus het vir hom gesê: “Onrein gees, gaan uit die man uit!”

9Hy het hom toe gevra: “Wat is jou naam?”

“My naam is Legio,” antwoord hy Hom, “want ons is baie.”

10Die man het Hom toe ernstig gesoebat om hulle nie uit die landstreek uit weg te stuur nie. 11Daar naby teen die berg het 'n groot trop varke geloop. 12Die onrein geeste het Hom toe gesmeek: “Stuur ons na die varke toe, sodat ons in hulle kan invaar!”

13Hy het hulle dit toegelaat, en hulle het uitgegaan en in die varke ingevaar. Die hele trop van omtrent twee duisend het op loop gesit teen die hang af, die see in, en hulle het versuip.

14Hulle wagters het weggehardloop en dit in die dorp en op die plase gaan vertel. Die mense het kom kyk wat daar gebeur het. 15Toe hulle by Jesus kom en die besetene in wie die baie bose geeste was, daar sien sit met sy klere aan en by sy volle verstand, het hulle groot geskrik. 16Dié wat alles gesien het, het vir hulle vertel wat met die besetene gebeur het, en ook van die varke. 17Hulle het toe by Jesus daarop aangedring om uit hulle gebied uit weg te gaan.

18Toe Jesus in die skuit klim, het die man wat van die duiwel besete was, by Hom daarop aangedring om saam met Hom te gaan. 19Jesus het hom dit egter nie toegelaat nie maar vir hom gesê: “Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het.”

20Hy het toe gegaan en deur die hele Dekapolis begin bekend maak wat Jesus alles vir hom gedoen het. Almal was verbaas daaroor.

### Die dogtertjie van Jaïrus. Die vrou met bloedvloeiing

21Jesus het daarna met die skuit teruggevaar oorkant toe en toe Hy nog daar by die see was, het 'n groot menigte om Hom saamgedrom. 22Een van die raadslede van die sinagoge, 'n man met die naam Jaïrus, kom toe daar aan. Net toe hy vir Jesus sien, val hy op sy knieë voor Hom 23en smeek Hom dringend: “My dogtertjie lê op haar uiterste. Kom lê tog u hande op haar, sodat sy kan gesond word en lewe.”

24Hy het saam met hom gegaan. 'n Groot menigte het agter Hom aan gegaan en hulle het van alle kante af teen Hom gedruk.

25Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. 26Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.

27Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy klere geraak, 28want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word. 29En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was. 30Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?"

31Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?"

32Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. 33Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel. 34Daarna sê Hy vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!"

35Terwyl Jesus nog met die vrou praat, kom daar mense van die raadslid van die sinagoge se huis af en sê vir hom: "U dogter het gesterwe. Waarom val u nog ons Leermeester lastig?"

36Jesus het egter met die een oor gehoor wat daar gesê word, en Hy sê toe vir die raadslid van die sinagoge: "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!"

37Jesus het niemand behalwe Petrus, Jakobus en Johannes die broer van Jakobus toegelaat om verder saam met Hom te gaan nie. 38Hy kom toe by die huis van die raadslid van die sinagoge aan en sien die hele gedoente van mense wat verskriklik huil en te kere gaan. 39Hy het ingegaan en vir hulle gesê: "Wat raas en huil julle so? Die kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap net."

40Hulle het Hom uitgelag.

Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy het net die pa en die ma van die kindjie en die drie dissipels wat by Hom was, saamgeneem en in die kamer ingegaan waar die kindjie was. 41Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: "Talita, koem!" Dit beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!

42Dadelik het die dogtertjie opgestaan en begin loop; sy was al twaalf jaar oud. Die mense was stom van verbasing. 43Hy het hulle toe streng opdrag gegee om niemand anders daarvan te laat hoor nie en gesê hulle moet vir haar iets te ete gee.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**


**2. Beklemtoon (highlight) Jesus se woorde.**

**3. Wat leer jy vandag nuut vanuit hierdie verse ?**

___________________________________

___________________________________

___________________________________



4. Watter voorbeeld van Jesus kan jy ook nastreef of uitleef?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Skryf 'n vraag neer waaroor jy wonder nadat jy die verse deurgelees het.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Skryf 'n belofte (vanuit vandag se Skrif) wat God aan elkeen van Sy kinders bied.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

7. Kies 'n karakter uit vandag se Bybelgedeelte wat jou interreseer. Wat sou jy graag aan hom/haar wil vra?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

8. Watse optrede of woorde van Jesus is vir jou vreemd? Verduidelik hoekom.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

9. Beskryf 'n paar emosies neer, wat jy dink die mense beleef/ervaar het, wat deur Jesus genees/aangeraak is.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 11 JONA 2 & 3

1Toe bid Jona daar binne-in die vis tot die Here sy God. 2Jona het gesê: "In my nood het ek tot die Here geroep,

en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor.

3U het my die diepte ingegooi, diep in die see, en die watermassa het my omring. U het golf na golf oor my laat gaan.

4Ek het gedink ek het uit u gesig verdwyn, maar tog sal ek weer u heilige tempel aanskou.

5Die waters het my toegevou, die groot water het my omring, seegras was om my kop gedraai.

6Ek het afgesak tot by die fondamente van die berge, die aarde het my vir altyd toegesluit. Maar U, Here my God, het my van die dood gered.

7Toe ek wou vergaan, het ek aan die Here gedink, en my gebed het by U gekom, in u heilige tempel.

8Dié wat op nuttelose afgode vertrou, verlaat Hom wat liefde aan hulle betoon.

9Terwyl ek 'n loflied sing, wil ek aan U 'n offer bring; wat ek beloof het, sal ek doen. Hulp kom net van die Here af."

10Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg.

### JONA 3

### God het nie die ramp gestuur nie

1Die woord van die Here het 'n tweede keer tot Jona gekom:

2"Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee."

3Toe maak Jona klaar en gaan na Nineve toe soos die Here hom beveel het. Nineve was 'n baie groot stad: 'n mens het drie dae gevat om dit deur te stap. 4Jona het die stad ingegaan en 'n dag lank daar rondgestap en toe roep hy: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!"

5Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek. 6Die berig het ook by die koning van Nineve uitgekom. Hy het van sy troon af opgestaan en sy koningsklere uitgetrek, rouklere aangetrek en op 'n ashoop gaan sit. 7Hy het in Nineve laat proklameer: "Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie. 8Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het. 9Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie."

10Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang vanuit die Bybelgedeelte.**

**2. Beklemtoon ('highlight') 'n belofte/s wat God aan elke mense gee vanuit vandag se Skrifgedeelte.**

3. Wat dink jy wil God vir jou sê nadat jy hierdie Bybelgedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Watter karaktereienskap(pe) van God kom sterk na vore in die verse soos jy daardeur gelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Is daar moontlik 'n aanpassing in jou lewe of geloof wat jy moet maak, sodat jy meer sal leef soos wat die Bybel in hierdie verse vir jou leer?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Beskryf 'n optrede/karaktereienskap van Jona wat jy bewonder.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Is daar iets wat jy vir die eerste keer raaklees of opnuut weer besef nadat jy vandag se Skrifgedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 12 FILIPPENSE 2

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

### Die voorbeeld van Jesus Christus

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

6Hy wat in die gestalte van God was,het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,

7maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,

8het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

9Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,

10sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig,

11en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

### Ligdraers in die wêreld

12My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, 13want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

14Doen alles sonder kla of teëpraat. 15Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld 16deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie. 17Julle geloof is 'n offer in diens van God. Selfs al word my bloed daarby as drankoffer uitgegiet, is ek daaroor bly, ja, is ek saam met julle almal bly. 18Om dieselfde rede moet julle ook bly wees, ja, saam met my bly wees.

### Die sending van Timoteus en Epafroditos

19Ek hoop om, as die Here Jesus wil, Timoteus gou na julle toe te stuur, sodat ek ook rus in my gemoed kan hê as ek gehoor het hoe dit met julle gaan. 20Ek het trouens niemand met dieselfde gesindheid as hy en wat julle belange so opreg sal behartig nie. 21Al die ander soek net hulle eie belange, nie dié van Jesus Christus nie. 22Maar julle weet hoe betroubaar Timoteus is. Soos 'n kind saam met sy vader, het hy saam met my die saak van die evangelie gedien. 23Ek hoop om hom dadelik te stuur, sodra ek gesien het hoe my sake verloop. 24En ek vertrou dat, as die Here wil, ek self ook gou na julle toe sal kan kom.

25Ek ag dit noodsaaklik om die broer Epafroditos, my medewerker en medestryder wat deur julle hierheen gestuur is om my in my omstandighede by

te staan, na julle toe terug te stuur. 26Hy verlang gedurig na julle almal en bly hom daaroor kwel dat julle van sy siekte gehoor het. 27Hy was ook inderdaad doodsiek, maar God het Hom oor Epafroditos ontferm, en nie net oor hom nie, maar ook oor my sodat ek nie verdriet op verdriet sou hê nie. 28Ek stuur hom dan nou ook so gou moontlik terug, sodat as julle hom weer sien, julle weer bly kan wees en ek minder besorg. 29Ontvang hom met oop arms as 'n broer in die Here, en bejeën manne soos hy met agting, 30want deur sy werk vir Christus het hy by die dood omgedraai. Hy het sy lewe gewaag om my die hulp te verleen wat julle self nie kon gee nie.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vandag met jou hart praat.


2. Beklemtoon (highlight) die dele wat iets beskryf van wie Jesus is.

3. Gee ‘n nuwe tema of opskrif aan vandag se Bybelgedeelte in jou eie woorde.

4. Het jy ‘n vraag nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig die antwoord te hê hierop nie).

5. Wat dink jy wil God vir jou leer/ wat is Sy opdrag aan jou, deur hierdie Bybelgedeelte?

6. Skryf ‘n waarheid oor wie God is, wat jy raaklees in hierdie Skrifgedeelte.



# Dag 13 GENESIS 4

## Kain en Abel

1Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword. Sy het vir Kain in die wêreld gebring en uitgeroep: "Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!"

2Sy het weer 'n kind gekry, Abel, 'n broer vir Kain. Abel was 'n veeboer en Kain 'n saaiboer. 3Na verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land 'n offer aan die Here gebring. 4Abel het dit ook gedoen, van die eerstelinge uit sy kudde, van hulle vet. Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, 5maar nie vir Kain en sy offer nie.

Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk.

6Toe sê die Here vir Kain: "Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? 7Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers."

8Kain het met sy broer Abel gepraat, en toe hulle in die veld was, het Kain vir Abel oorweldig en hom doodgemaak.

9Toe vra die Here vir Kain: "Waar is jou broer Abel?" en Kain antwoord: "Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?"

10Maar die Here sê: "Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My. 11Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het. 12Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal 'n doellose swerwer op aarde word!"

13Toe sê Kain vir die Here: "My straf is te swaar om te dra. 14U verdryf my nou van my grond af, en tot U het ek nie meer toegang nie. Ek sal 'n doellose swerwer op aarde wees, en wie my raakloop, sal my vermoor."

15Maar die Here sê vir hom: "Nee! Wie vir Kain vermoor, sal sewe maal gestraf word."

Toe gee die Here vir Kain 'n teken sodat niemand wat hom raakloop, hom sou doodmaak nie. 16En Kain het van die Here af weggegaan. Hy het gaan woon in Nod , oos van Eden.

## Die nageslag van Kain

17Kain het met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het swanger geword en vir Henog in die wêreld gebring. Kain het daarna 'n stad begin bou en hy het die stad na sy seun Henog vernoem. 18Vir Henog is 'n seun Irad gebore, en Irad was die vader van Megujael, en dié was die vader van Metusael, en dié was die vader van Lameg.

19Lameg was met twee vrouens getroud. Die een was Ada en die ander Silla. 20Ada het vir Jabal in die wêreld gebring. Hy was die stamvader van dié wat in tente by hulle kuddes woon. 21Die naam van sy broer was Jubal en hy was die stamvader van dié wat op die lier en die fluit speel. 22Silla weer het vir Tubal-Kain in die wêreld gebring, en hy was 'n smid, 'n vakman in koper en yster. Sy suster was Naäma. 23Lameg het vir sy vrouens gesê:

"Ada en Silla, luister na my!

Vrouens van Lameg, let op my woorde!

Ek maak 'n man dood as hy my wond,

'n seun as hy my seermaak.

24Kain sal sewe maal gewreek word,

Lameg sewe en sewentig maal!"

Die geboorte van Set

25Adam het weer met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het 'n seun in die wêreld gebring en hom Set genoem, "want," het sy gesê, "God het vir my 'n ander kind gegee in die plek van Abel omdat Kain hom vermoor het."

26Ook vir Set is daar 'n seun gebore, en Set het hom Enos genoem.

In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') beloftes wat God aan Kain en sy nageslag gemaak het…al was dit negatief (…meer vloeke) as gevolg van sy wrede optrede teenoor sy broer.Abel.

3. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer ('n prentjie van te maak).

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy, wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Hoe dink jy het God se hart gevoel toe Kain so teenoor sy broer, Abel ogeptree het soos die teksgedeelte beskryf?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

7. Watter karaktereienskap van God tel jy op vanuit hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

## **Dag 14** KOLOSSENSE 2

### Waarskuwing teen misleiding

1Ek wil hê julle moet weet hoe sterk ek my
beywer vir julle en vir die gelowiges in
Laodisea en vir al die ander wat my ook nog
nie persoonlik gesien het nie. 2My doel
daarmee is dat hulle bemoedig moet word.
Hulle moet met liefde aan mekaar verbind
wees en saam strewe na diep en volledige
insig, sodat hulle God se geheimenis kan
ken. Die geheimenis is Christus, 3en in Hom
is al die verborge skatte van wysheid en
kennis te vind.

4Ek beklemtoon dit, sodat niemand julle
met vals redenasies mislei nie. 5Al is ek nou
nie persoonlik daar nie, is ek tog in die gees
by julle en is ek bly om te sien dat julle die
goeie orde handhaaf en dat julle geloof in
Christus stewig vas staan.

### Lewe in verbondenheid met Christus Jesus

6Aangesien julle dan Christus Jesus as Here
aangeneem het, moet julle in
verbondenheid met Hom lewe, 7in Hom
gewortel en op Hom gebou, vas in die
geloof soos julle geleer is, en met
dankbaarheid vervul.

8Pas op dat niemand julle van Hom af
wegvoer deur teorieë en argumente wat
misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op
die oorlewering van mense, op wettiese
godsdienstige reëls en nie op Christus
nie. 9In Hom is die volle wese van God
beliggaam, 10en in verbondenheid met
Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof
oor elke mag en gesag. 11Deur julle
verbondenheid met Hom is julle ook besny,
nie met die besnydenis wat deur mense
verrig word nie, maar met die besnydenis
deur Christus, en dit bestaan in die
wegneem van die sondige natuur van die
mens. 12Dit het by die doop gebeur
deurdat julle toe saam met Hom begrawe
is. Deur julle verbondenheid met Hom is
julle ook saam met Hom opgewek, omdat
julle geglo het in die krag van God wat Hom
uit die dood opgewek het. 13Julle was dood
deurdat julle gesondig het en deurdat julle
sondige natuur nog nie weggeneem was
nie. God het julle egter saam met Christus
lewend gemaak deurdat Hy ons al ons
sondes vergewe het. 14Hy het die
skuldbewys met sy eise teen ons tot niet
gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het
Hy dit vir goed weggeneem. 15Hy het elke
mag en gesag ontwapen en hulle in die
openbaar vertoon deur hulle as gevangenes
in die triomftog van Christus mee te voer.

### Moenie dat iemand julle mislei nie

16Daarom moet julle nie dat iemand vir
julle voorskrywe wat julle moet eet en drink
nie , of dat julle die jaarlikse feeste of die
nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier
nie. 17Dit is alles maar net die skaduwee
van wat sou kom; die werklikheid is
Christus. 18Moenie dat iemand wat behae
skep in danige nederigheid en in die
aanbidding van engele en wat voorgee dat
hy allerhande visioene gesien het, julle
daarmee mislei nie. So iemand verhef hom
oor wat hy in eiewaan van homself
dink, 19en hy hou nie aan die hoof, aan
Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele
liggaam, ondersteun deur die gewrigte en
saamgebind deur die spiere, soos God dit
laat groei.

### Julle het saam met Christus gesterwe

20Julle het saam met Christus gesterwe en
is dus dood vir die wettiese godsdienstige
reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle
dan nog asof julle aan hierdie wêreld
behoort? Waarom gehoorsaam julle

allerhande voorskrifte 21soos: “Hieraan mag jy nie vat nie!” “Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!” “Daaraan mag jy nie raak nie!”? 22Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. 23Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.

1. Verhelder ‘n vers of twee in kleur wat vir jou uitstaan en met jou hart praat.

2. Skryf ‘n vers of sin neer, wat jy glo die hele Skrifgedeelte opsom.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Wat kom jy vir die eerste keer agter nadat jy hierdie stuk gelees het of wat besef jy opnuut nadat jy hierdie Skrif deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Trek ‘n sirkel om die verse wat die waarheid beskryf, van wie JY is in God se oë.

6. Skryf ‘n waarskuwing neer, wat God aan Sy kinders rig, vanuit vandag se Bybelgedeelte.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

7. Skryf ‘n geheimenis neer wat jy raaklees in vandag se Skrif en wat daar in hierdie geheimenis te vinde is.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 15 PSALMS 42

**Mens, waarom so in vertwyfeling?**

1Vir die koorleier. 'n Gedig van die
Koragiete.

2Soos 'n wildsbok smag na waterstrome,

so smag ek na U, o God.

3Ek dors na God, na die lewende God.
Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn?

4Dag en nag is ek in trane, want sonder
ophou sê hulle vir my: "En waar is jou God
nou?"

5As ek my lewe voor my laat verbygaan,
dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die
woonplek van God, voor 'n skare uit na sy
huis toe geloop het met gejuig en lofsang –
'n skare wat feesvier.

6Waarom is ek so in vertwyfeling en
waarom kerm ek so? Vertrou op God!

Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing.

Hy is my helper 7en my God! Uit my
vertwyfeling roep ek na U hier van die
Jordaangebied, van Hermonberg, van die
Kleinberg af

8waar die waters teen mekaar raas en u
waterstrome bruis. U het golf na golf oor my
laat slaan.

9Tog sal die Here weer op 'n dag sy trou laat
blyk en sal ek selfs in die nag 'n lied vir Hom
sing, 'n gebed tot die God van my lewe.

10Ek wil vir God sê: "My Rots, waarom het
U my vergeet? Waarom moet ek gebuk
gaan onder die smaad van die vyand?"

11Dit sny deur my hele wese as my
teëstanders my spot en dag na dag vir my
sê:
"En waar is jou God nou?"

12Waarom is ek so in vertwyfeling en
waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek
sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my
helper en my God!

1. **Kleur 'n vers of sin in wat met jou hart 'gesels' of wat vir jou mooi is.**

2. **Beskryf die Psalmskrywer se emosies terwyl hy hierdie Psalm geskryf het.**

________________________________

________________________________

________________________________

3. **Skryf 'n vers neer wat 'n waarheid oor God beskryf (wie Hy is).**

________________________________

________________________________

________________________________

4. **Skryf 'n mooi karaktereienskap van die Psalmskrywer neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.**

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat het jy geleer vanuit hierdie Psalm?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

6. Skryf 'n vergelyking neer wat jy raaklees vanuit vandag se Skrifgedeelte.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

7. Wat dink jy, was Dawid se hoof rede hoekom hy hierdie Psalm geskryf het.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

6. Onderstreep 'n waarheid van God se optrede teenoor Sy kinders wat jy raaklees in hierdie Psalm.

7. Kies een vers en verander dit in 'n een-sin gebed.

Vers : ________________

Gebed : _______________________________

______________________________________

______________________________________



# Dag 16 2 KONINGS 4

## Die weduwee se olie

1'n Vrou van 'n profeet het haar nood by Elisa kom kla: "My man is dood. U weet self dat hy die Here gedien het. Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak."

2Elisa het vir haar gesê: "Ek sal jou help. Sê vir my: wat het jy in jou huis?"

Sy het geantwoord: "Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie."

3Hy het toe gesê: "Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie. 4Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol word, moet jy hom wegpak."

5Sy is van hom af weg. Sy het die deur agter haar en haar seuns toegemaak. Soos hulle die kruike na haar toe aangedra het, het sy hulle volgemaak. 6Toe die kruike vol was, sê sy vir een van haar seuns: "Bring vir my nog 'n kruik."

Maar hy het gesê: "Daar is nie meer 'n kruik oor nie."

Toe het daar nie 7meer olie uit die kannetjie gekom nie. Sy het by die man van God aangekom en dit vir hom vertel. Hy het gesê: "Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oorbly."

## Die seun van die Sunemmitiese vrou

8Op 'n dag het Elisa na Sunem toe gegaan.

Daar was 'n vooraanstaande vrou wat by hom daarop aangedring het om vir ete oor te bly. Elke keer as hy daar verbykom, het hy eers by haar aangegaan om te eet. 9Sy het vir haar man gesê: "Ek weet dit is 'n heilige man van God wat gereeld hier by ons aankom. 10Kom ons bou 'n klein bovertrekkie en sit vir hom 'n bed, 'n tafel, 'n stoel en 'n lamp daarin. Wanneer hy by ons aankom, kan hy daar intrek."

11Op 'n dag toe Elisa weer daar aankom, het hy in die bovertrek ingetrek en gaan rus. 12Hy het vir Gehasi sy slaaf gesê: "Roep bietjie die Sunemmitiese vrou."

Gehasi het haar geroep, en toe sy voor Elisa se kamer staan, 13sê hy vir sy slaaf: "Sê vir haar: Jy het al hierdie moeite vir ons gedoen. Wat kan ek vir jou doen? Sal ek vir jou 'n woordjie doen by die koning of by die hoof van die leër?"

"Ek woon hier tussen my eie mense," was haar antwoord.

14Hy vra toe: "Maar kan daar nie iets vir haar gedoen word nie?" Waarop Gehasi antwoord: "Ja tog, sy het nie 'n seun nie, en haar man is al oud."

15"Roep haar hiernatoe," sê Elisa.

Toe Gehasi haar nader roep, het sy in die deur kom staan.

16Toe sê Elisa: "Hierdie tyd oor 'n jaar sal jy 'n seun in jou arms hou."

Sy antwoord: "Nee, Meneer, u is 'n man van God, u moet tog nie vir my iets sê wat nie so kan wees nie!"

17Die vrou het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring, presies 'n jaar later, net soos Elisa vir haar gesê het.

18Toe die seun groter geword het, het hy op 'n dag na sy pa-hulle toe gegaan waar hulle besig was om te oes. 19Skielik het hy vir sy pa gesê: "My kop, my kop!"

Sy pa het vir 'n slaaf gesê: "Dra hom na sy ma toe."

20Die slaaf het hom na sy ma toe gedra. Hy het op haar skoot gelê tot die middag, en toe is hy dood. 21Sy het hom boontoe gedra en hom neergelê op die bed van die man van God, en toe sy uitgaan, het sy die deur agter haar toegetrek. 22Sy het haar man geroep en gesê: "Stuur tog vir my 'n slaaf en 'n donkie. Ek wil na die man van God toe gaan en gou weer terug wees."

23"Maar waarom gaan jy vandag na hom toe," het haar man gevra, "dit is mos nie nuwemaan of sabbat nie?"

Maar sy het hom gerusgestel, 24die donkie opgesaal en vir haar slaaf gesê: "Jaag die donkie aan. Moenie dat hy gaan staan nie, behalwe as ek vir jou so sê."

25Sy is toe vort en het by die man van God aangekom by Karmelberg. Toe die man van God haar op 'n afstand sien aankom, sê hy vir Gehasi sy slaaf: "Dis mos die Sunemmitiese vrou daardie. 26Hardloop haar tegemoet en vra vir haar: Gaan dit goed met jou? Gaan dit goed met jou man? En met jou seun?"

Vir Gehasi het sy gesê: "Dit gaan goed," 27maar toe sy by die man van God op die berg kom, het sy aan sy voete vasgeklou.

Toe Gehasi nader staan om haar weg te stoot, sê die man van God: "Los haar, sy is baie hartseer. Die Here het dit vir my verberg en vir my niks gesê nie."

28Sy sê toe vir hom: "Meneer, het ek van u 'n seun gevra? Het ek nie gesê: Moenie by my 'n valse hoop wek nie?"

29Toe sê hy vir Gehasi: "Maak gou klaar, vat my kierie en vertrek. As jy iemand raakloop, moet hom nie groet nie. Gaan sit my kierie op die gesig van die seun."

30Toe sê die seun se ma: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie toelaat om agter te bly nie."

Hy het opgestaan en saam met haar gegaan. 31Gehasi was voor hulle daar en hy het die kierie op die seun se gesig gesit, maar daar was geen geluid of enige teken van lewe nie. Hy gaan toe terug na Elisa toe en sê vir hom dat die seun nie bygekom het nie. 32Toe Elisa in die huis kom, het die seun daar dood gelê net soos hy op die bed neergelê was. 33Elisa het die kamer binnegegaan en die deur toegemaak sodat hulle alleen was. Nadat hy tot die Here gebid het, 34het Elisa op die bed geklim en bo-op die seun gaan lê. Hy het vol op die seun gelê met sy mond op die seun se mond, sy oë op sý oë, sy hande op sý hande, sodat die seun se liggaam warm geword het. 35Nadat hy 'n keer heen en weer in die huis geloop het, het hy weer op hom gaan lê. Die seun het sewe keer genies en toe sy oë oopgemaak.

36Elisa het vir Gehasi geroep en hom beveel om die Sunemmitiese vrou te roep. Hy het dit gedoen en toe sy inkom, sê Elisa vir haar: "Tel jou seun op."

37Sy het ingekom en by sy voete op haar knieë geval en gebuig. Toe tel sy haar kind op en gaan uit.

### 'n Giftige bredie word eetbaar

38Elisa is terug Gilgal toe. Daar was in dié tyd 'n hongersnood in die land. Terwyl die profete aan sy voete gesit het, sê hy vir sy slaaf: "Sit 'n groot pot op die vuur en kook 'n bredie vir die profete."

39Een van hulle is veld toe om te gaan kruie pluk. Hy het op wilde ranke afgekom en

wildekomkommers daarvan afgepluk tot sy sakke vol was. Hy het dit in die pot met bredie gaan insny sonder om te weet wat dit regtig was.

40Hulle het met ete vir die manne van die bredie opgeskep, maar net toe hulle dit proe, roep hulle uit: “Man van God, daar is gif in die kos!” Hulle kon dit nie eet nie.

41Elisa het gesê: “Bring 'n bietjie meel.”

Hy het dit in die pot gegooi en gesê: “Skep op vir die mense dat hulle kan eet.”

Die kos in die pot was toe nie meer giftig nie.

### Kos vir honderd mense

42Daar het 'n man uit Baäl-Salisa aangekom wat vir die man van God brood gebring het, twintig garsbrode gebak met meel van die nuwe oes, en ook vars koringare.

Elisa het gesê: “Gee dit vir die mense om te eet.”

43Maar sy slaaf het beswaar gemaak: “Hoe kan ek die bietjie kos aan 'n honderd man voorsit?”

Maar Elisa het weer gesê: “Gee dit vir die mense om te eet, want so sê die Here: Hulle sal eet en nog oorhou.”

44Die slaaf het dit vir hulle voorgesit. Hulle het geëet en oorgehou, net soos die Here gesê het.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Trek kringe om woorde wat vir jou die hooftema van die Bybelgedeelte dra.

3. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Watse Bybelkarakter (vanuit vandag se Skrif) staan vir jou uit? Hoekom?

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of bewus van maak deur hierdie Bybel gedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

6. Skryf ‘n vers neer wat jy maklik kan visualiseer (maklik ‘n prentjie van kan vorm in jou verbeelding).

________________________________

________________________________


________________________________

7. Watse karaktereienskap van Elisa bewonder jy? Verduidelik hoekom.

________________________________

________________________________

________________________________



**Dag 17** JOHANNES 11

### Die dood van Lasarus

1'n Man met die naam Lasarus was siek. Hy
was van Betanië, die dorp waar Maria en
haar suster Marta gewoon het. 2Maria was
die vrou wat met reukolie die Here gesalf en
sy voete met haar hare afgedroog het. Dit
was haar broer Lasarus wat siek was. 3Die
susters het iemand na Jesus toe gestuur om
te sê: "Here, hy vir wie U lief is, is siek."

4Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Hierdie
siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar
op die openbaring van die wonderbaarlike
mag van God, sodat die Seun van God
daardeur verheerlik kan word."

5Jesus het vir Marta en haar suster en
Lasarus liefgehad. 6Nadat Hy gehoor het
dat Lasarus siek is, het Hy egter nog twee
dae op die plek gebly waar Hy was. 7Eers
daarna het Hy vir sy dissipels gesê: "Kom
ons gaan terug na Judea toe."

8Die dissipels sê toe vir Hom: "Rabbi, nou
die dag nog wou die Jode U stenig, en gaan
U weer daarheen?"

9Jesus het geantwoord: "Is daar nie twaalf
uur in 'n dag nie? As iemand in die dag loop,
struikel hy nie, omdat hy die lig van hierdie
wêreld sien. 10Maar as iemand in die nag
loop, struikel hy, omdat hy nie die lig het
nie."

11Hierna het Hy vir hulle gesê: "Ons vriend
Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom
wakker te maak."

12Die dissipels sê toe vir Hom: "Here, as hy
slaap, sal hy gesond word."

13Jesus het van Lasarus se dood gepraat,
maar hulle het gedink Hy praat van die
gewone slaap. 14Toe sê Jesus vir hulle
reguit: "Lasarus is dood, 15en om julle
ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie sodat
julle in My kan glo. Maar kom ons gaan na
hom toe."

16Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê
toe vir die ander dissipels: "Kom ons gaan
ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe."

### Jesus by Marta en Maria

17Toe Jesus daar kom, het Hy gevind dat
Lasarus al vier dae in die graf was.

18Betanië was naby Jerusalem, omtrent
drie kilometer; 19en baie van die Jode het
na Marta en Maria toe gekom om hulle oor
hulle broer te troos.

20Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy
Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in
die huis bly sit. 21Marta sê toe vir Jesus:
"Here, as U hier was, sou my broer nie
gesterwe het nie. 22Maar selfs nou weet ek
dat God U alles sal gee wat U van Hom vra."

23Jesus sê toe vir haar: "Jou broer sal uit die
dood opstaan."

24Maar Marta sê vir Hom: "Ek weet hy sal
met die opstanding op die laaste dag uit die
dood opstaan."

25Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die
opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal
lewe, al sterwe hy ook; 26en elkeen wat
lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit
sterwe nie. Glo jy dit?"

27"Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat
U die Christus is, die Seun van God, die Een
wat na die wêreld toe moes kom."

28Nadat sy dit gesê het, het sy haar suster
Maria gaan roep en saggies vir haar gesê:
"Ons Leermeester is hier, en Hy roep jou."

29Toe sy dit hoor, het sy gou opgestaan en
na Hom toe gegaan. 30Jesus het nog nie in

die dorp aangekom nie, maar was nog op die plek waar Marta Hom ontmoet het. 31Toe die Jode wat by Maria in die huis was en haar vertroos het, sien dat sy vinnig opstaan en uitgaan, het hulle agter haar aangegaan omdat hulle gedink het sy gaan na die graf toe om daar te huil. 32Toe Maria daar aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en vir Hom gesê: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie.”

### Jesus laat Lasarus uit die dood opstaan

33Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan. 34Hy vra toe: “Waar het julle hom begrawe?”

Hulle het vir Hom gesê: “Here, kom kyk.”

35Jesus het gehuil. 36Die Jode sê toe: “Kyk hoe lief het hy hom gehad!”

37Party van hulle het ook gesê: “Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?”

38Jesus se gemoed het weer vol geskiet toe Hy by die graf kom. Dit was 'n rotsgraf, en daar was 'n klip voor die ingang gerol. 39Jesus sê toe: “Rol die klip weg.”

Maar Marta, die suster van die oorledene, sê vir Hom: “Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag.”

40Jesus sê toe vir haar: “Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?”

41Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe en gesê: “Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. 42Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.”

43Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: “Lasarus, kom uit!”

44Die oorledene het uitgekom. Sy hande en sy voete was nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebind met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: “Maak hom los dat hy kan huis toe gaan.”

### Die Joodse Raad besluit om Jesus dood te maak

45Baie van die Jode wat na Maria toe gekom en gesien het wat Jesus gedoen het, het tot geloof in Hom gekom.

46Maar party van hulle het na die Fariseërs toe gegaan en vir hulle vertel wat Jesus gedoen het. 47Die priesterhoofde en die Fariseërs het toe die Joodse Raad bymekaargeroep en gesê: “Wat gaan ons doen? Hierdie man doen baie wondertekens. 48As ons hom so laat aangaan, sal al die mense in hom glo, en dan kom verwoes die Romeine hierdie heilige plek en maak ons nasie tot niet.”

49Een van hulle, 'n sekere Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het egter vir hulle gesê: “Julle verstaan niks, 50en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie.”

51Dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe. 52En Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar te bring.

53Van daardie dag af was hulle vasbeslote om Jesus dood te maak. 54Daarom het Jesus nie meer in die openbaar onder die

Jode rondgegaan nie, maar daarvandaan weggegaan na die streek naby die woestyn, na 'n dorp met die naam Efraim. Daar het Hy met sy dissipels 'n rukkie gebly.

55Die paasfees van die Jode was naby. Baie mense het voor die paasfees van die platteland af na Jerusalem toe gegaan om hulle te reinig. 56Hulle het daar na Jesus gesoek en waar hulle in die tempel gestaan het, vir mekaar gesê: “Hoe dink julle? Hy sal seker nie fees toe kom nie, of hoe?”

57Die priesterhoofde en die Fariseërs het toe al klaar opdrag gegee dat as iemand weet waar Hy is, hy dit moet aangee sodat hulle Hom gevange kan neem.

1. Omkring ‘n vers of twee wat jou oog gevang het soos jy daardeur gelees het.

2. Beklemtoon in kleur (‘highlight’) ‘n vers wat ‘n karkatereienskap van God beskryf en vir ewig waar is.

3. Skryf ‘n sin neer (in jou eie woorde), wat jy glo die Skrifgedeelte opsom / saamvat.

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

6. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het? Dalk het jy net weer opnuut bewus geword van iets soos jy deur die verse gelees het… skryf dit neer.

7. Watse Bybelkarakter, in vandag se Skrifgedeelte, staan vir jou uit? Watse karaktereienskap / optrede van hom / haar bewonder jy?



# Dag 18 GENESIS 41

### Josef lê die farao se drome uit

1Twee jaar later het die farao 'n droom gehad. Hy het gedroom hy staan langs die Nyl. 2Uit die rivier kom daar toe sewe mooi vet koeie uit en hulle gaan wei in die vleigras. 3Ná hulle kom daar toe sewe ander koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik en maer en het langs die ander koeie op die rivierwal gaan staan. 4Toe vreet die lelike maer koeie die sewe mooi vettes op.

Daarna het die farao wakker geskrik.

5Hy het weer aan die slaap geraak en weer gedroom. Hy het gesien hoe sewe mooi vol are opskiet aan een stingel. 6Ná hulle kom daar toe sewe skraal are uit wat verskroei is deur die oostewind. 7Die skraal are sluk toe die sewe vol vet are in. Daarna het die farao wakker geskrik, en hy het besef hy het gedroom.

8Die môre was die farao onrustig oor die drome. Hy het al die waarsêers van Egipte en ook die raadgewers almal laat roep en vir hulle sy droom vertel. Maar niemand kon dit vir hom uitlê nie.

9Toe sê die hoof van die skinkers vir die farao: “Vandag moet ek u herinner aan die verkeerde ding wat ek vroeër gedoen het. 10U het toe kwaad geword vir u dienaars, vir my en vir die hoof van die bakkers, en u het ons laat opsluit in die tronk in die huis van die hoof van u lyfwag.

11“Daar het ons in een en dieselfde nag 'n droom gehad, elkeen sy eie droom met sy eie uitleg. 12Saam met ons was 'n Hebreeuse jongman, 'n slaaf van die hoof van die lyfwag. Ons het toe ons drome vir hom vertel, en hy het dit vir ons uitgelê. Hy het dit uitgelê volgens elkeen se droom. 13Soos hy dit vir ons uitgelê het, het dit daarna gebeur: vir my het hy in my amp laat herstel en die bakker het hy laat ophang.”

14Toe het die farao vir Josef laat roep en hulle het hom gou uit die tronk gehaal. Nadat hulle hom geskeer en ander klere aangetrek het, is hy na die farao toe.

15Die farao het vir Josef gesê: “Ek het 'n droom gehad, maar daar is niemand wat dit kan uitlê nie. Toe het ek van jou gehoor: jy lê 'n droom uit as jy hom hoor.”

16Josef het vir die farao gesê: “Nie ek nie! God gee dié goeie antwoord vir u.”

17Toe sê die farao vir Josef: “In my droom het ek op die wal van die Nyl gestaan. 18Toe kom daar sewe mooi vet koeie uit die rivier uit en hulle gaan wei in die vleigras. 19Ná hulle kom daar toe sewe ander koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik en maer. Ek het nog nooit sulke lelike diere in Egipte gesien nie. 20Toe vreet die lelike maer koeie die eerste sewe, die vettes, op. 21Nadat hulle ingesluk was, kon jy dit nie aan die maeres merk nie: hulle het nog net so sleg gelyk as aan die begin. “Toe het ek wakker geskrik.

22“Ek het daarna in 'n droom gesien: sewe mooi vol are het opgeskiet aan een stingel. 23Ná hulle kom daar toe sewe droë, skraal are uit wat verskroei is deur die oostewind. 24Die skraal are sluk toe die sewe mooi are in.

“Ek het dit vir die waarsêers vertel, maar niemand kon my iets sê nie.”

25Toe sê Josef vir die farao: “U het maar net een droom gehad. Wat God wil doen, het Hy aan u meegedeel.

26“Die sewe mooi koeie is sewe jaar en die sewe mooi are is sewe jaar. Dit is maar een en dieselfde droom. 27Die sewe maer,

lelike koeie wat daarna uit die rivier gekom het, en die sewe skraal are wat deur die oostewind verskroei is, is ook sewe jaar, sewe jaar hongersnood.

28“Dit is wat ek bedoel het toe ek vir u gesê het dat God u laat sien het wat Hy wil doen.

29“Daar sal in die hele Egipte sewe jaar groot oorvloed kom. 30Dan breek daar sewe jaar hongersnood aan. Die mense sal die voorspoed wat daar in die hele Egipte was, vergeet en die hongersnood sal die land op sy knieë bring. 31Die hongersnood sal so straf wees dat 'n mens later niks meer van die oorvloed sal merk nie.

32“Die droom het twee keer na u toe gekom omdat die saak vas staan by God. Hy sal dit binnekort uitvoer.

33“Ek beveel aan dat u 'n verstandige en wyse man kies en hom in beheer plaas van die hele Egipte. 34Die farao moet dít doen: u moet beamptes vir die hele land aanstel en die land tydens die sewe jaar van oorvloed behoorlik organiseer. 35Hulle moet al die graan van die goeie jare wat aan die kom is, insamel en dit in graanskure bêre en bewaak sodat daar kos tot u beskikking is. 36Die graan moet vir die land in reserwe gehou word, dit moet vir die sewe jaar van hongersnood beskikbaar wees in Egipte. Dan sal die hongersnood nie die land uitroei nie.”

37Die farao en al sy amptenare het Josef se raad goedgevind. 38Toe sê die farao vir sy amptenare: “Waar kry ons so iemand, 'n man met die verstand van 'n god?”

39Die farao het daarop vir Josef gesê: “God het jou dit alles bekend gemaak. Daaruit is dit duidelik dat niemand soveel verstand en wysheid as jy het nie. 40Ek stel jou aan oor my paleis.

“My volk moet jou gehoorsaam. Net ek sal meer mag hê as jy.”

41Die farao het verder nog vir Josef gesê: “Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipte.”

42Toe haal die farao sy seëlring af en steek dit aan Josef se vinger. Die farao het vir Josef linneklere laat aantrek en 'n goue ketting om sy nek gehang 43en hom laat ry op die tweede beste wa van die farao. Daar is voor Josef uitgeroep: “Betoon hom eer!”

So is Josef oor die hele Egipte aangestel.

44Toe het die farao vir Josef gesê: “Ek bly die farao, maar sonder jou toestemming mag niemand in Egipte 'n vinger verroer of 'n voet versit nie.”

45-46Die farao het Josef Safenat-Paneag genoem en vir hom Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, as vrou gegee. Josef was dertig jaar oud toe hy in die diens van die farao die koning van Egipte getree het. Josef is van die farao af weg en het die land deurgegaan, die hele Egipte.

47Tydens die sewe jaar van oorvloed het die land 'n buitengewone groot oes gegee, 48en Josef het al die graan wat daar in hierdie jare in Egipte was, bymekaargebring en in graanskure gebêre: in elke stad is die graan uit die lande van daardie omgewing gebêre. 49Josef het so baie koring bymekaargemaak dat dit net soveel was as die sand van die see. Hy het later opgehou om aan te teken hoeveel daar was, want dit was te veel om te tel.

50Reeds voor die jare van hongersnood begin het, is daar vir Josef twee seuns gebore. Sy vrou Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, het hulle vir Josef in die wêreld gebring. 51Hy het die oudste Manasse genoem, “want,” het hy gesê, “God het my alles laat vergeet: al my

swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het."

52Josef het sy ander seun Efraim genoem, "want," het hy gesê, "God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is."

53Na die sewe jaar voorspoed in Egipte 54het die sewe jaar hongersnood begin. So het Josef dit destyds aangekondig. In al die lande was daar hongersnood, maar in die hele Egipte was daar kos, 55want toe die hongersnood Egipte tref en die mense vir die farao kos vra, het hy vir al die Egiptenaars gesê: "Gaan na Josef toe en doen wat hy sê."

56Oor die hele wêreld was daar hongersnood, en toe dit straf word in Egipte, het Josef die graanskure oopgesluit en wat daarin was, aan die Egiptenaars begin verkoop. 57En toe die hongersnood straf word in die ander lande, het die mense van die hele wêreld Egipte toe gekom om koring te koop by Josef.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of jou hart aanraak.

2. Kleur 'n sin of twee in wat 'n waarheid of belofte van God aan Sy kinders, beskryf.

3. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees of net weer opnuut van bewus geword het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Skrifgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

6. Van watter karaktereienskap van God word jy bewus nadat jy deur die verse gelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

7. Kies 'n Bybekarakter uit vandag se storie en vertel meer van wat jy bewonder van hom/haar.

________________________________

________________________________

________________________________



# Dag 19 LUKAS 15

### Die gelykenis van die verlore skaap

1Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister. 2Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: “Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle.”

3Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis: 4“Sê nou een van julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry. 5En as hy hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. 6As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: ‘Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.’ 7Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.”

### Die gelykenis van die verlore muntstuk

8“Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? 9En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: ‘Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.’ 10Ek sê vir julle: Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.”

### Die gelykenis van die verlore seun

11Verder het Jesus gesê: “Daar was 'n man wat twee seuns gehad het. 12Die jongste het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.

13“Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe. 14Nadat hy alles deurgebring het, het daar 'n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly. 15Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas. 16Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie.

17“Toe kom hy tot inkeer en sê: ‘My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. 18Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! 19Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.’ 20En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan.

“Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. 21Toe sê die seun vir hom: ‘Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.’ 22Maar sy pa roep sy werksmense: ‘Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! 23En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! 24Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier.

25“Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy

die musiek en die singery. 26Hy roep toe
een van die bediendes nader en vra hom
wat aan die gang is. 27Die bediende
antwoord: ‘U broer het gekom, en u pa het
die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom
behoue en gesond teruggekry het.’

28“Toe het die oudste seun kwaad geword
en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa
gaan toe uit en praat mooi met
hom; 29maar hy antwoord: ‘Kyk, al die jare
werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het
ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en
vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee
sodat ek saam met my vriende kan feesvier
nie. 30Maar nou dat hierdie seun van Pa,
wat Pa se goed met prostitute deurgebring
het, terugkom, het Pa vir hom die
vetgemaakte kalf geslag!’

31“Toe sê die pa vir hom: ‘Kind, jy is altyd
by my, en alles wat ek het, is ook
joune. 32Maar ons kan tog nie anders as
om fees te vier en bly te wees nie, want
hierdie broer van jou was dood, en hy lewe
weer; hy was verlore, en ons het hom
teruggekry.’ ”

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat jou oog vang.

2. Kleur die verse in (‘highlight’), wat die dui op die herhaling van verlore items in hierdie Bybelhoofstuk.

3. Skryf ‘n opsommende sin neer, wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte beskryf.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte vandag?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

6. Watse waarheid/waarhede wat Jesus aan die mense geleer het, staan vandag vir jou uit?

______________________________________

______________________________________

______________________________________


7. Waaraan herhinner hierdie Bybelgedeelte jou oor gebeure in jou eie lewe?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

______________________________________



## Dag 20 2 KONINGS 6

### Elisa laat 'n byl op die water dryf

1Die profete het vir Elisa gesê: "Die plek waar ons van u onderrig ontvang, het te klein geword vir ons. 2Laat ons na die Jordaan toe gaan en balke kap om vir ons 'n bymekaarkomplek te bou."

"Gaan gerus," het hy geantwoord.

3Een het vir hom gevra: "Wil u nie met ons saamgaan nie?"

Hy het geantwoord: "Ek sal gaan," 4en hy het saam met hulle gegaan.

Toe hulle by die Jordaan kom, het hulle bome afgekap. 5Terwyl een besig was om 'n boom af te kap, het sy byl in die water geval. Hy roep toe: "Ag tog, Meneer, en dit was boonop 'n geleende byl!"

6Die man van God het gevra waar die byl ingeval het. Toe die profeet vir hom die plek gewys het, het hy 'n stuk hout afgekap en dit daar ingegooi, en dit het die byl bo laat dryf. 7Hy sê toe vir hom: "Haal dit uit." Die man het sy hand uitgesteek en dit gevat.

### Die Arameërs word met blindheid geslaan

8Die koning van Aram was in oorlog met Israel gewikkel en het telkens met sy offisiere afgespreek dat hy op 'n sekere plek sou kamp opslaan. 9Die man van God het dan aan die koning van Israel die volgende boodskap gestuur: "Pas op dat u nie na daardie plek toe optrek nie, want die Arameërs trek soontoe op."

10Gevolglik het die koning van Israel boodskappe deurgestuur na die plek toe wat die man van God aan hom genoem het en hom voor gewaarsku het. Die mense daar was dan keer op keer voorbereid.

11Die koning van Aram het baie onrustig geword hieroor. Hy het sy offisiere laat roep en vir hulle gesê: "Ek wil van julle weet wie van ons dra nuus oor aan die koning van Israel."

12Een van sy offisiere het geantwoord: "Nie een van ons nie, U Majesteit, maar die profeet Elisa daar in Israel kan vir die koning van Israel vertel selfs wat u in u slaapkamer sê."

13Die koning van Aram het gesê: "Gaan vind uit waar hy is, dan stuur ek manne om hom te vang."

Die koning is meegedeel: "Hy is in Dotan."

14Die koning stuur toe perde, strydwaens en 'n sterk mag daarheen. Hulle het in die nag gekom en die stad omsingel.

15Die môre vroeg het die slaaf van die man van God opgestaan, en toe hy uitgaan, sien hy 'n leër rondom die stad, met perde en strydwaens. "Ag, Meneer!" sê die slaaf vir Elisa, "wat gaan ons nou maak?"

16Hy het geantwoord: "Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer as wat hulle is."

17Elisa het gebid: "Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien."

Die Here het die oë van die slaaf oopgemaak, en hy het gesien: die berge rondom Elisa was vol perde en strydwaens van vuur. 18Toe die Arameërs op hom afstorm, het Elisa tot die Here gebid: "Slaan tog hierdie mense met blindheid!"

Die Here het hulle met blindheid geslaan net soos Elisa gevra het.

19Elisa sê toe vir hulle: "Dis nie die regte pad nie en dis nie die regte stad hierdie nie. Kom agter my aan, dan lei ek julle tot by die man vir wie julle soek."

Hy het hulle na Samaria toe gelei. 20Toe hulle in Samaria kom, sê Elisa: "Here, maak hierdie mense se oë oop dat hulle kan sien."

Toe die Here hulle oë oopmaak en hulle kyk, toe is hulle binne-in Samaria!

21Toe die koning van Israel hulle sien, vra hy vir Elisa: "Moet ek hulle doodmaak, Meneer, moet ek hulle doodmaak?"

22"Nee, moet hulle nie doodmaak nie," was sy antwoord. "Sou jý mense doodmaak wat jy met jou eie swaard en jou pyl en boog krygsgevange geneem het? Sit vir hulle eet- en drinkgoed voor, dat hulle kan eet voordat hulle teruggaan na hulle koning toe."

23Die koning van Israel het vir hulle 'n groot feesmaal gegee. Nadat hulle geëet het, het hy hulle laat gaan, terug na hulle koning toe. Die bendes van die Arameërs het toe nie weer in die land Israel gekom nie.

### Hongersnood in Samaria. Die Arameërs vlug

24Later het koning Ben-Hadad van Aram sy hele leër opgeroep, na Samaria toe opgeruk en dit beleër. 25Daar het 'n groot hongersnood in Samaria ontstaan, en die beleg het voortgeduur totdat die kop van 'n donkie naderhand byna 'n kilogram silwer gekos het en 'n klein skeppie duiwemis sewe en vyftig gram.

26Toe die koning van Israel 'n keer op die stadsmuur langs verbyloop, het 'n vrou uitgeroep: "Help my asseblief, U Majesteit!"

27Hy het geantwoord: "As die Here jou nie help nie, hoe sal ek jou kan help? Uit die dorsvloer of uit die parskuip?"

28Toe die koning haar vra wat haar moeilikheid is, antwoord sy: "Hierdie vrou het aan my voorgestel: 'Gee jou kind dat ons hom vandag eet, dan kan ons môre my kind eet.' 29Ons het toe my kind gekook en geëet, maar toe ek vir haar die volgende dag sê: Gee nou jou kind dat ons hom eet, het sy haar kind weggesteek!"

30Toe die koning die vrou se verhaal hoor, het hy sy klere geskeur. Soos hy op die muur langs verbygeloop het, kon die bevolking sien dat hy 'n roukleed onder sy ander klere aanhet. 31Hy het uitgeroep: "Mag die Here my om die lewe bring as ek vandag Elisa seun van Safat se kop op sy lyf laat bly."

32Elisa het in sy huis gesit saam met die leiers. Die koning het iemand met 'n opdrag gestuur, maar voordat die boodskapper nog by Elisa aangekom het, het hy al vir die leiers gesê: "Weet julle, hierdie moordenaarskind het iemand gestuur om my kop af te kap. Hou dop wanneer die boodskapper kom. Sluit dan die deur en hou hom buite. Sy koning kom agter hom aan."

33Terwyl Elisa nog so met hulle sit en praat, het die koning self na hom toe gekom en gesê: "Kyk watter ellende het die Here oor ons gebring. Hoe kan ek nog op die Here hoop!"

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?**

________________________________

________________________________

________________________________

3. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

4. Hoe kan jy dieselfde as Elisa optree, of leer vanuit sy optrede? (Elisa was 'n profeet van God).

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

5. Omkring en skryf in jou eie woorde 'n waarheid neer van wie God is / 'n karaktereienskap van God, wat jy vanuit die Bybelgedeelte raaklees.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

6. Het jy ook hierdie karaktereienskap wat God besit in nr.5? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

7. Beskryf 'n wonderwerk/e (vanuit vandag se Skrif) wat God vir Sy kinders gedoen het en vandag nog kan uitrig.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

8. Wat sou jy aan God wil vra nadat jy vandag se Bybelgedeelte deurgelees het?

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________



**Dag 21** 1 TESSALONISENSE 5

### Die wederkoms van die Here

1Oor die tyd en omstandigheid wanneer hierdie dinge sal gebeur, is dit nie nodig om aan julle te skrywe nie, broers. 2Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag. 3Wanneer die mense sê: “Alles is rustig en veilig,” sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou, en niemand sal ontkom nie. 4Maar, broers, julle leef nie in die duisternis nie; dié dag sal julle nie soos 'n dief oorval nie. 5Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. 6Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees. 7Dié wat slaap, is van die nag; en dié wat hulle dronk drink, is van die nag. 8Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm. 9God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. 10Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe.

11Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

### Laaste opdragte

12Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en teregwys. 13Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk. Leef in vrede met mekaar.

14Ons druk julle dit op die hart, broers: Wys die leeglêers onder julle tereg, praat die kleinmoediges moed in, help die swakkes, wees met almal geduldig. 15Sorg dat niemand 'n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense.

16Wees altyd bly. 17Bid gedurig. 18Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

19Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. 20Moenie profesieë geringskat nie, 21maar toets dit alles, behou wat goed is, 22en bly weg van alles wat sleg is.

23Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! 24Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou.

25Broers, bid ook vir ons.

26Groet al die medegelowiges met 'n soen van Christelike broederskap.

27In die Naam van die Here dring ek by julle daarop aan dat hierdie brief aan al die gelowiges voorgelees word.

28Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle wees.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou mooi/ interessant is.

2. Omkring woorde in die Skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

3. Verhelder ('highlight') opdragte/ waarskuwings wat Paulus hier noem, wat gerig is aan al God se kinders.

4. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Waarvan dink jy, wil God vir jou bewusmaak of wat wil Hy jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie verse deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Maak 'n sterretjie langs 'n vers/e wat vir jou belangrik is en jy voel Heilige Gees vir jou uitwys om op te fokus in jou lewe en gedrag as kind van God.



## Dag 22 Jeremia 32

### Ek sal my volk terugbring

26Die woord van die Here het tot Jeremia gekom: 27Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik? 28So sê die Here: Ek gee hierdie stad in die mag van die Galdeërs, in die mag van koning Nebukadnesar van Babel. Hy sal dit verower. 29Die Galdeërs wat teen hierdie stad veg, sal dit aan die brand kom steek en dit afbrand, ook die huise waar die inwoners My getart het toe hulle vir Baäl wierook gebrand het op die dakke en waar hulle drankoffers vir ander gode uitgegiet het.

30Die mense van Israel en Juda het van jongs af net gedoen wat verkeerd is in my oë. Die Israeliete het My getart met goed wat hulle self gemaak het, sê die Here. 31Van die dag af dat hierdie stad gebou is, tot nou toe het dit my gloeiende toorn so laat ontvlam dat Ek die stad wil wegvee voor My. 32Die mense van Israel en Juda het My getart met al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het, hulle, hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters, hulle profete, elkeen in Juda, al die inwoners van Jerusalem. 33Hulle het hulle rug na My toe gedraai, nie hulle gesigte nie. Ek het hulle vroeg en laat geleer om goed te luister, maar hulle wou nie hoor nie, hulle wou nie uit straf leer nie. 34Hulle het hulle afskuwelike afgode in die huis gesit waaroor my Naam uitgeroep is en so het hulle my huis verontreinig. 35Hulle het hoogtes vir Baäl gebou in die Ben-Hinnomdal om hulle seuns en dogters vir Molek as offers te laat verbrand. Ek het hulle dit nie beveel nie; so 'n afskuwelike gedagte om vir Juda te laat sonde doen, het nie eens by My opgekom nie.

36Tog, so sê die Here die God van Israel vir hierdie stad waarvan julle sê dit sal deur die swaard en hongersnood en pes in die mag van die koning van Babel gegee word: 37Ek sal hulle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek hulle verjaag het in my gloeiende toorn en in my groot woede. Ek sal hulle hierheen terugbring en hulle sal hier rustig kom woon. 38Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle God wees. 39Ek sal hulle 'n onverdeelde hart en 'n vaste koers gee: hulle sal My altyd dien vir hulle eie beswil en vir dié van hulle kinders na hulle. 40Ek sal 'n blywende verbond met hulle sluit. Ek sal nooit ophou om aan hulle goed te doen nie en Ek sal in hulle die begeerte lê om My te dien en nie van My af weg te draai nie. 41Ek sal dit geniet om goed te doen aan hulle in my trou; met alles wat Ek is, sal Ek hulle weer in dié land vestig.

42So sê die Here: Soos Ek hierdie groot ramp oor hierdie volk gebring het, so sal Ek ook al die goeie wat Ek hulle beloof het, na hulle toe bring. 43Daar sal weer grond gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: “Dit is verwoes, sonder mens of dier, oorgegee in die mag van die Galdeërs.” 44Grond sal vir silwer gekoop word, kontrakte sal geskryf word met seëls daarop en getuies daarvan. Dit sal gebeur in die gebied van Benjamin en in die omgewing van Jerusalem, in die stede van Juda: in die stede van die Bergland en van die Laeveld en in die stede van die Suidland. Ek sal hulle lot verander, sê die Here.

1. **Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan of jou oog vang.**

2. Oor watter optredes van God se kinders (Israel en Juda), is God ontevrede?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Kleur die vers in ('highlight') wat 'n waarheid oor wie God is beskryf en hoe Hy optree.

4. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Soos wat jy deur die storie van Jeremia lees, van watter karaktereienskap van God word jy sterk bewus?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Beskryf hoe jy voel (jou emosies), nadat jy God se begeerte raaklees, wie Hy vir jou, Sy kind, wil wees (verse 38-41).

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 23 1 TIMOTEUS 4


### Die afvalligheid in latere tye

1Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang. 2Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is. 3Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik. 4Alles wat God gemaak het, is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, 5want dit word deur die woord van God en deur die gebed geheilig.

### 'n Goeie dienaar van Christus Jesus

6As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat jouself voed met die woorde van die geloof en die goeie leer waarvan jy 'n aanhanger geword het. 7Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe. 8Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms. 9Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word.

10Met hierdie vooruitsig span ons ons kragte in en stry ons, want ons het ons hoop op die lewende God gevestig, wat die Verlosser is van alle mense, van almal wat glo.



11Hierdie dinge moet jy die mense beveel en leer. 12Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid. 13Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee. 14Moenie die genadegawe wat jy het, verwaarloos nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het. 15Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal jou vordering kan sien. 16Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan as waarhede.

2. Beklemtoon ('highlight') die vers(e) wat beskryf hoe God wil hê dat ons, Sy kinders moet lewe.

3. Skryf iets neer waarvan jy vandag opnuut bewus geword het en jy glo God onder jou aandag wil bring.

_______________________________

_______________________________

_______________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

_______________________________

_______________________________

_______________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Skryf 'n waarheid van God neer, wat jy raaklees vanuit vandag se Skrifgedeelte.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Skryf 'n paar opdragte neer wat God vir jou gee soos jy deur vandag se Bybelhoofstuk lees.

**God vra van my om ...** ________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 24

GENESIS 7

1Toe sê die Here vir Noag: "Jy en jou hele gesin moet in die ark ingaan. Ek het jou gesien en onder hierdie geslag bevind Ek jou regverdig. 2Van al die rein diere moet jy sewe pare, manlik en vroulik, saamvat en van al die onrein diere net een paar, manlik en vroulik. 3Ook uit die voëls moet jy sewe pare, mannetjies en wyfies, saamvat. Dit moet jy doen om al die soorte op die hele aarde aan die lewe te laat bly. 4Oor sewe dae sal Ek dit veertig dae en nagte lank laat reën en alles wat leef, wat Ek gemaak het, wegvee van die aarde af."

5Noag het alles gedoen soos die Here hom beveel het.

6Noag was ses honderd jaar toe die vloedwaters oor die aarde gekom het. 7Noag en sy seuns en sy vrou en sy skoondogters het in die ark ingegaan vir die vloedwaters. 8Die rein en die onrein diere, die voëls, en die diere wat kruip, 9het in pare, manlik en vroulik, na Noag toe in die ark gekom soos God vir Noag gesê het. 10Op die sewende dag het die vloedwaters oor die aarde gekom.

11Presies op die sewentiende dag van die tweede maand van die ses honderdste jaar van Noag het die fonteine van die groot waters oopgebreek. Die vensters van die hemel is oopgemaak, 12sodat daar 'n stortreën op die aarde geval het, veertig dae en veertig nagte lank.

13Dit was die dag waarop Noag en sy seuns, Sem, Gam en Jafet, en sy vrou en sy drie skoondogters almal saam in die ark ingegaan het. 14Hulle, en elke soort wilde dier en mak dier, en al die soorte diere wat kruip, en elke soort voël, alles wat vlieg, het ingegaan. 15Van al wat leef, het daar pare-pare na Noag toe in die ark gekom. 16Hulle het ingekom, manlik en vroulik, soos God vir Noag gesê het. En toe het die Here die ark agter Noag toegesluit.

17Die oorstroming het oor die aarde gekom, veertig dae lank, en die water het al hoe meer geword. Dit het die ark opgelig en die ark het begin opstyg bokant die aarde. 18Maar die waters het nog meer en nog sterker geword op die aarde en die ark het op die waters begin dryf. 19Die waters op die aarde het nog meer en meer geword, sodat hulle al die hoë berge wat daar onder die hemel is, bedek het. 20Die water het amper sewe meter bokant die berge gestyg en dit bedek.

21Al wat op die aarde geleef het, het omgekom: diere wat kruip, voëls, mak diere, wilde diere, ja, alles wat op aarde wemel, ook al die mense; 22alles wat die lewensasem in die neus gehad het, alles wat op land geleef het, is dood. 23So het God alles wat op die aarde geleef het, uitgewis: mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, hulle almal is weggevee van die aarde af. Net Noag en dié by hom in die ark is gespaar. 24Die water het die aarde honderd en vyftig dae lank oorstroom.

GENESIS 8

1Toe het God gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat by hom in die ark was, en God het 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het teruggetrek. 2Die fonteine van die groot waters en die vensters van die hemel is toegemaak, en die stortreën uit die hemel het opgehou. 3Die water het al hoe meer weggesak van die aarde af. Na honderd en vyftig dae het die water so gesak 4dat die ark op die sewentiende van die sewende

maand op die Araratberge tot rus gekom het. 5Die water het aangehou sak en op die eerste van die tiende maand het die bergtoppe sigbaar geword. 6Veertig dae later het Noag die venster wat hy vir die ark ingesit het, oopgemaak 7en 'n kraai losgelaat, maar dit het heen en weer gevlieg totdat die water op die aarde opgedroog het.

8Noag het toe 'n duif losgelaat om te probeer vasstel of die water al van die aarde af verdwyn het. 9Maar oral op die aarde was daar nog water, en die duif kon nie 'n rusplekkie kry vir die holte van sy voet nie en het na Noag toe in die ark teruggekom. Hy het dit toe met sy hand gevang en in die ark teruggesit. 10Noag het toe nog sewe dae gewag en weer die duif uit die ark uit losgelaat. 11Teen die aand het die duif na hom toe teruggekom, nogal met 'n varsgeplukte olyfblaar in sy bek. Toe het Noag geweet dat die water op die aarde opdroog. 12Hy het nog sewe dae gewag en die duif losgelaat, maar dit het nie weer na hom toe teruggekom nie.

13Op die eerste dag van die eerste maand van die ses honderd en eerste jaar van Noag was die water op die aarde heeltemal weggedroog. Noag het die luik van die ark oopgemaak en uitgekyk. Die hele aarde was droog. 14Op die sewe en twintigste van die tweede maand was die aarde droog, 15en toe sê God vir Noag: 16"Gaan uit die ark uit, jy en jou vrou en jou seuns en hulle vrouens, 17en al die lewende wesens wat by jou is, van watter soort hulle ook al is: voëls, diere en alles wat kruip. Hulle moet saam met jou uitgaan. Hulle moet wemel op die aarde en vrugbaar wees en baie word op die aarde."

18Noag en sy seuns en sy vrou en sy skoondogters het uitgegaan, 19en ook al die diere, al die voëls en alles wat kruip, het uit die ark uitgegaan, almal volgens hulle soorte.

20Toe het Noag 'n altaar vir die Here gebou en van al die rein vee en die rein voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring. 21Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie.


22"So lank as die aarde bly bestaan,

sal saaityd en oestyd nie ophou nie,

ook nie koue en hitte,

somer en winter,

dag en nag nie."



**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vandag vir jou uitstaan.**

**2. Sirkel enkele woorde in die Skrif, wat vir jou die gewig dra om die hoofgedagtes van die Bybelgedeelte van vandag, uit te lig.**

**3. Verhelder, in kleur, beloftes wat God aan Noag (asook al Sy kinders) gee.**

**4. Gee jou eie opskrif vir vandag se hele teksgedeelte.**

5. Dink aan 'n vraag wat jy vir God wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie 'n antwoord te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________


6. Watse Bybelkarakter se lewensvoorbeeld kan jy navolg vanuit vandag se Skrifgedeelte en op watse manier kan jy dit uitleef in jou eie lewe?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



7. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie twee Bybelhoofstukke?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

8. Kies 'n Bybelkarakter uit vandag se verhaal: wat verbaas jou oor hierdie persoon? Verduidelik hoekom jy so sê.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

## Dag 25 PREDIKER 5

1Moenie te gou praat nie, moenie oorhaastig 'n belofte aan God maak nie,

want Hy is in die hemel en jy op die aarde. Laat jou woorde daarom min wees.

2Baie doenigheid bring drome, baie praat lei tot onverstandige woorde.

3As jy aan God 'n gelofte gedoen het, moet jy nie versuim om dit te betaal nie. Hy hou nie van ligsinnige mense nie. Wat jy beloof het, moet jy betaal. 4Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie. 5Moenie dat jou mond jou laat sondig sodat jy vir 'n priester moet sê: "Ek het my vergis" nie. Waarom sal jy God laat kwaad word oor wat jy gesê het en Hom jou handewerk laat vernietig? 6Daar is baie drome, baie wat tot niks kom nie, ook baie woorde. Maar dien jy vir God!

### 'n Bitter swaar ding

7As jy sien die armes word verdruk en daar is geen reg en geregtigheid in 'n gebied nie, moet jy jou nie daaroor verbaas nie: elkeen met gesag word beskerm deur 'n hoër gesag, en almal saam deur 'n hoogste gesag. 8Maar dit is tot voordeel van 'n land in sy geheel dat almal aan die koning onderdanig is.

9Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie.

Ook hier kom dit tot niks. 10As die goeie dinge van die lewe baie word, word die eters ook baie; al wat die eienaar daaraan het, is om dit te aanskou. 11Die slaap van die arbeider is soet, of hy min eet of baie, maar die oorvloed van die ryke laat hom onrustig slaap.

12Ek het in hierdie wêreld 'n bitter swaar ding gesien: dat 'n man rykdom opgaar en dit vir hom ellende bring. 13Hy doen verkeerd sake en verloor die rykdom. Hy het intussen die vader van 'n seun geword en dié kry dan niks nie. 14Self gaan hy kaal uit die wêreld uit soos hy daarin gekom het. Hy kan niks met hom saamneem vir al sy inspanning nie. 15Ook dit is 'n bitter swaar ding: presies soos hy gekom het, so gaan hy. Wat help dit dat hy hom vir wind afgesloof het? 16Hy slyt die res van sy lewe in die donker, in smart, ellende en bitterheid.

### 'n Gawe van God

17Ek het ook iets gesien wat goed is: dit is aangenaam om te eet en te drink en die lewe te geniet onder al die geswoeg op hierdie wêreld. Dit kom 'n mens toe vir die hele leeftyd wat God hom skenk. 18God gee aan 'n mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet. God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is 'n gawe van God. 19So 'n mens dink skaars na oor wat in sy lewe gebeur, so vol is hy van die blydskap wat God gee.

## PREDIKER 6

1Ek het in hierdie wêreld ellende gesien wat swaar druk op 'n mens: 2God gee aan iemand rykdom, besittings en eer, en so iemand kom niks kort van wat hy begeer nie, maar God laat hom nie daarvan geniet nie, en iemand anders gebruik dit. Ook hier kom dit tot niks.

Dit is bitter swaar. 3'n Man kan honderd kinders hê en baie lank lewe, maar hoe oud hy ook al word, as hy nie die goeie dinge kan geniet nie en nie eens in 'n graf begrawe word nie, is 'n doodgebore baba beter daaraan toe as hy. 4'n Doodgebore baba kom tot niks, dit sien nooit die lig nie en kry

nie eens 'n naam nie. 5Dit sien nie die son nie en weet niks nie. Tog is dit beter daaraan toe as iemand 6wat nie die goeie van die lewe kan geniet nie, al leef hy twee maal duisend jaar. Altwee gaan na dieselfde plek toe.

7Die mens sloof hom af vir kos, maar sy honger word nooit gestil nie.

8Watter voordeel het die man met wysheid bo die dwaas? Wat help dit die arme om te weet hoe hy hom moet gedra? 9Wat die mens het, is beter as wat hy begeer. Ook hier kom dit tot niks.

Dit is 'n gejaag na wind. 10Wat 'n mens is, word reeds met die naam mens gesê, dit is bekend wat hy is: hy is mens. Hy kan nie 'n regstryd voer met die Een wat sterker as hy is nie. 11Hoe meer woorde, hoe meer kom dit tot niks. Wat baat dit die mens? 12Wie weet wat vir die mens goed is in die lewe, in die dae wat tot niks lei nie, wat hy soos 'n skaduwee deurbring? Wie kan vir 'n mens sê wat ná hom in hierdie wêreld sal gebeur?

1. Onderstreep 'n vers(e) wat vir jou uitstaan.

2. Kleur (highlight) 'n opdrag wat jy glo God vandag vir jou gee/uitlig, in 'n kleur waarvan jy hou.

3. Skryf 'n vers neer wat jou leer hoe om reg te lewe en waarvolgens jy jou lewe kan inrig.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Skryf 'n vers/sin neer wat herhaal word. Wat dink jy is die doel daarvan?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Skryf 'n opdrag neer, wat jy raaklees in die Skrif van vandag, wat vir jou moeilik gaan wees om reg te kry/ te gehoorsaam. Hoekom sal dit vir jou moeilik wees?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 26 2 TIMOTEUS 3 & 4

### Swaar tye sal kom

1Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. 2Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; 3hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; 4hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. 5Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af. 6Party van hulle dring in die huise in en kry liggelowige vroue wat met sonde belaai is en deur allerlei sinlike begeertes gedryf word, in hulle mag, 7vroue wat altyd iets wil leer, maar tog nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie. 8Net soos Jannes en Jambres hulle teen Moses verset het, so verset hierdie mense hulle teen die waarheid, mense wat in die verstand verward is en in die geloof 'n mislukking. 9Maar hulle sal nie ver kom nie, omdat hulle dwaasheid vir almal duidelik sal wees, net soos dit die geval was met Jannes en Jambres.

### Laaste opdrag aan Timoteus

10Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding, 11in vervolging en ontbering soos my te beurt geval het in Antiogië, Ikonium en Listra. Watter vervolging moes ek nie alles verduur nie! Maar die Here het my uit almal gered. 12Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word. 13Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei.

14Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was 15en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. 16Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

### 2 TIMOTEUS 4

1Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap: 2verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, 3want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. 4Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend. 5Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit.

6Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur. 7Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. 8Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie

net vir my nie, maar ook vir almal wat met
verlange uitsien na sy koms.

### Persoonlike woorde

9Probeer so gou moontlik na my toe
kom, 10want Demas het die teenswoordige
wêreld liefgekry en my verlaat en na
Tessalonika vertrek. Kressens is na Galasië
en Titus na Dalmasië toe. 11Net Lukas is by
my. Gaan haal vir Markus en bring hom
saam met jou, want hy kan my tot groot
diens wees. 12Tigikus het ek na Efese toe
gestuur. 13As jy kom, moet jy die reismantel
saambring wat ek by Karpus in Troas laat bly
het, en ook die boeke, veral die
perkamente.

14Aleksander, die kopersmid, het my baie
kwaad aangedoen. Mag die Here hom
vergeld vir wat hy gedoen het. 15Jy moet
ook vir hom op jou hoede wees, want hy het
ons prediking heftig teengewerk.

16Toe ek my die eerste keer voor die hof
moes verdedig, het niemand my bygestaan
nie; almal het my in die steek gelaat. Mag
God hulle dit nie toereken nie! 17Maar die
Here het my bygestaan en my krag gegee,
sodat deur my die prediking tot sy volle reg
kon kom en al die heidennasies dit kon hoor.
En ek is uit die bek van die leeu gered.

18Die Here sal my red van elke onheil en my
behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan
Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid!
Amen.

### Laaste groet

19Groete aan Priscilla en Akwila en aan die
huisgesin van Onesiforus. 20Erastus het in
Korinte agtergebly; Trofimus het ek in
Milete siek agtergelaat. 21Doen jou bes om
nog voor die winter te kom. Eubulus,
Pudens, Linos, Claudia en al die broers stuur
vir jou groete.

Die Here sal by jou wees.

22Die genade sal by julle wees!


1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Omkring woorde wat jou oog vang soos jy deur die Bybelgedeelte lees.

3. Skryf 'n vers of sin neer wat vir jou leer of 'n opdrag gee oor hoe om reg te lewe.

4. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

5. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.



6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ______________________________

______________________________________

______________________________________

______________________________________

7. Skryf 'n waarheid neer, oor wie God is / of 'n karaktereienskap van God, wat jy optel in vandag se Bybelgedeelte.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

8. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

______________________________________

______________________________________

______________________________________



# Dag 27 JOSUA 2

## Die verkenners in Jerigo

1Josua seun van Nun het van Sittim af in die
geheim twee verkenners uitgestuur en vir
hulle gesê: "Gaan kyk die land deur, veral
Jerigo."

Hulle is toe weg en het uitgekom by die huis
van 'n prostituut met die naam Ragab en
daar tuis gegaan. 2Die koning van Jerigo het
berig gekry dat daar in die nag van die
Israeliete af mense aangekom het om die
land te verken, 3en hy het vir Ragab laat
weet: "Lewer die manne uit wat na jou toe,
na jou huis toe, gekom het. Hulle is hier om
die land te verken."

4Die vrou het die twee manne weggesteek
en vir die koning laat weet: "Daar het
manne by my aangekom, maar ek weet nie
waarvandaan hulle is nie. 5Hulle het met
donker vertrek toe dit tyd was vir die
stadspoort om te sluit, en ek weet nie
waarheen hulle is nie. Maak gou en
agtervolg hulle. Miskien haal u hulle in."

6Sy het die twee manne intussen op die dak
laat klim en hulle weggesteek onder die
vlasstoppels wat sy daar oopgesprei
het. 7Die koning se manne het na die twee
verkenners gaan soek op die pad na die
Jordaan toe, in die driwwe se rigting. Nadat
die agtervolgers weg is agter die verkenners
aan, is die stadspoort gesluit.

8Voor die verkenners aan die slaap geraak
het, is die vrou na hulle toe op die dak 9en
het sy vir hulle gesê: "Ek weet die Here gee
vir julle die land; ons is skrikbevange vir
julle, al die inwoners van die land bewe van
vrees vir julle. 10Ons het gehoor hoe die
Here die water van die Rietsee voor julle
laat wegdroog het met julle trek uit Egipte,
en ook wat julle met die twee konings van
die Amoriete oorkant die Jordaan, met
Sihon en Og, gedoen het, hoe julle hulle
voor die voet uitgeroei het. 11Ons het dit
gehoor en ons harte het van angs verstyf.
Niemand het nog moed teen julle nie, want
julle God, die Here, is God, bo in die hemel
en onder op die aarde.

12"Ek het julle goed behandel. Lê dan nou
vir my 'n eed voor die Here af dat julle my
familie ook goed sal behandel, en gee my 'n
betroubare aanduiding 13dat julle my pa en
ma, my broers en susters en almal wat by
hulle hoort, se lewens sal spaar en ons so
van die dood sal red."

14Toe sê die manne vir haar: "Ons staan
met ons eie lewe in vir julle s'n. As julle nie
oor ons praat nie en die Here gee ons die
land, sal ons jou goed behandel en ons
woord hou."

15Sy het hulle met 'n tou deur die venster
laat afsak; haar huis was in die stadsmuur
ingebou, sodat sy in die muur gewoon
het. 16Haar woorde aan hulle was: "Gaan
die berge in sodat die mense wat na julle
soek, julle nie raakloop nie. Kruip drie dae
daar weg tot hulle die soektog staak.
Daarna kan julle julle koers gaan."

17Die manne het vir haar gesê: "Die eed
wat jy ons laat aflê het, sal ons net
bind 18as jy, wanneer ons die stad aanval,
hierdie bloedrooi tou vasbind aan die
venster waardeur jy ons laat afsak, en jou
pa en ma, jou broers en jou hele familie by
jou in die huis bymekaarhou. 19Enigeen
wat by jou huis se deure uitgaan buitentoe,
sal self vir sy dood verantwoordelik wees,
nie ons nie. Ons hou ons verantwoordelik
vir enigeen wat by jou in die huis is; daar sal
nie 'n hand teen hom gelig word nie. 20En
as jy oor ons praat, is ons nie gebind aan die
eed wat jy ons laat aflê het nie."

21Sy het gesê: “Laat dit wees soos julle gesê
het,” en sy het hulle laat gaan en hulle is
weg. Sy het toe die bloedrooi tou aan die
venster vasgebind.

22Hulle het vertrek en is die berge in. Daar
het hulle drie dae gebly tot die mense wat
hulle gaan soek het, teruggekom het. Die
mense het langs die hele pad gesoek en niks
gekry nie. 23Daarna het die twee manne uit
die berge teruggekom en is hulle die rivier
oor na Josua seun van Nun toe. Hulle het
hom alles vertel wat met hulle gebeur
het. 24Hulle het vir Josua gesê: “Die Here
gee die hele land oor in ons mag. Al die
inwoners van die land bewe van vrees vir
ons.”

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat met jou hart praat.

2. Skryf ‘n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer (‘n verbeeldingsprentjie te vorm).

______________________________

______________________________

______________________________

3. Waaroor wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

5.Watter Bybelkarakter se lewensvoorbeeld sal jy ook graag wil nastreef of glad nie wil navolg nie.

______________________________

______________________________

______________________________

6. Waaroor wonder jy nadat jy deur hierdie Bybelgedeelte gelees het?

______________________________

______________________________


______________________________

7. Noem die optrede wat ‘n kind(ders) van God in geloof geneem het en die effek daarvan.

______________________________

______________________________

______________________________



## Dag 28 JOHANNES 13

### Jesus was die voete van sy dissipels

1Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.

2Jesus en sy dissipels was aan tafel. Die duiwel het toe al klaar vir Judas seun van Simon Iskariot op die gedagte gebring om Jesus te verraai. 3Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan. 4Toe het Hy van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en 'n handdoek gevat en om Hom vasgemaak. 5Daarna het Hy water in 'n wasskottel gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het.

6Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié vir Hom: "Here, gaan Ú mý voete was?"

7En Jesus antwoord hom: "Wat Ek doen, begryp jy nie nóú nie, maar later sal jy dit verstaan."

8Maar Petrus sê vir Hom: "U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!"

Daarop sê Jesus vir hom: "As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie."

9Simon Petrus sê toe vir Hom: "Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig."

10En Jesus sê vir hom: "Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was nie. En julle is nou skoon, maar nie almal nie."

11Jesus het geweet wie Hom sou verraai; daarom het Hy gesê: "Julle is nie almal skoon nie."

12Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? 13Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. 14As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. 15Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. 16Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. 17Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen."

### Jesus wys sy verraaier aan

18"Ek praat nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif moet vervul word: 'Hy wat van my brood eet, het My in die rug gesteek.' 19Ek sê dit nou al vir julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat Ek is wat Ek is. 20Dit verseker Ek julle: Wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het."

21Na hierdie woorde het Jesus hewig ontsteld geword en openlik verklaar: "Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai."

22Die dissipels het verslae na mekaar gekyk en nie geweet wie Hy bedoel nie. 23Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, het net langs Hom aan tafel gesit. 24Simon Petrus beduie toe vir hom dat hy moet vra wie dit is wat Jesus bedoel. 25Hy leun toe oor na Jesus se kant en vra vir Hom: "Here, wie is dit?"

26Jesus het geantwoord: "Dit is die een vir wie Ek 'n stukkie brood wat Ek in die sous ingesteek het, sal gee."

Hy vat toe 'n stukkie brood, steek dit in die sous en gee dit vir Judas seun van Simon Iskariot. 27En nadat Judas die stukkie brood gevat het, het die Satan in hom ingevaar. Toe sê Jesus vir hom: "Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!"

28Niemand van die ander wat aan tafel was, het geweet waarom Hy dit vir hom gesê het nie. 29Omdat Judas die beursie gehad het, het party van hulle gedink dat Jesus vir hom sê: "Gaan koop wat ons vir die paasfees nodig het," of dat hy iets vir die armes moes gaan gee.

30Nadat Judas dan die stukkie brood gevat het, het hy dadelik uitgegaan. Dit was nag.

### Jesus se heengaan is naby

31Toe Judas uit is, sê Jesus: "Nou word die Seun van die mens verheerlik, en God word deur Hom verheerlik. 32En aangesien God deur Hom verheerlik word, sal God self Hom ook verheerlik; en Hy sal Hom binnekort verheerlik. 33My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie. 34Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

### Petrus sal Jesus verloën

36Simon Petrus vra toe vir Hom: "Here, waarheen gaan U?"

Jesus het hom geantwoord: "Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy My volg."

37Toe sê Petrus vir Hom: "Here, hoekom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê."

38"Sal jy jou lewe vir My aflê?" vra Jesus. "Dít verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën."

1. Kleur 'n vers of twee in ('highlight') wat vir jou uitstaan vanuit hierdie gedeelte uit Johannes.

2. Onderstreep die verse wat na die diensbare optrede van Jesus verwys.

3. Skryf 'n waarheid neer, wat Jesus die mense geleer het, wat vandag jou hart aangeraak het.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ___________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Noem 'n voorbeeld uit Jesus se optrede in hierdie Bybelgedeelte, wat jy moet navolg.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



8. Noem 'n waarheid oor Jesus waarvan jy bewus word soos wat jy deur vandag se Bybelhoofstuk lees.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

**Dag 29** HEBREËRS 4

### Die belofte van rus vir dié wat glo

1Terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog van krag is, moet ons oppas dat dit nie miskien later blyk dat een van julle agtergebly het nie. 2Ons het die blye boodskap ontvang net soos hulle, maar hoewel hulle die prediking gehoor het, het dit hulle niks gebaat nie, omdat hulle nie geglo het wat hulle gehoor het nie. 3Ons wat glo, gaan wel in die rus in, maar hulle nie, soos God gesê het:

"Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie."

En tog was sy werk ná die skepping van die wêreld reeds afgehandel, 4want êrens in die Skrif word van die sewende dag dit gesê: "En God het op die sewende dag gerus van al sy werk," 5terwyl hier weer gesê word: "In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie." 6Dié wat vroeër die blye boodskap gehoor het, het dus vanweë hulle ongehoorsaamheid nie in sy rus ingegaan nie, maar vir sommige bly die moontlikheid bestaan om weer in sy rus in te gaan. 7God het immers weer 'n dag bepaal, naamlik "vandag", wanneer Hy, soos reeds voorheen aangehaal, soveel later by monde van Dawid sê:

"Vandag, as julle sy stem hoor,

moet julle nie hardkoppig wees nie."

8As Josua hulle in die rus laat ingaan het, sou God nie daarná nog van 'n ander dag gepraat het nie. 9Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, 10want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. 11Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.

### Die woord as swaard

12Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. 13Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.

### Jesus die groot Hoëpriester

14Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. 15Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. 16Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

**1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Verhelder (highlight) die verse wat waarhede oor die Woord van God (die Bybel) beskryf/bevat.**

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waarvan dink jy, wil God jou bewusmaak nadat jy deur die gedeelte in Hebreërs gelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Skyf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Noem die effek van gehoorsaamheid aan God wat hierdie Bybelgedeelte beskryf. Verduidelik in jou eie woorde wat jy hieruit verstaan.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Gee 'n nuwe opskrif / hooftema (in jou eie woorde), vir die hele gedeelte wat jy vandag gelees het.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 30 RIGTERS 16

### Simson in Gasa

1Simson is op 'n keer na Gasa toe. Daar het hy 'n prostituut gesien en by haar huis ingegaan. 2Daar is toe vir die mense van Gasa vertel: "Simson het hierheen gekom."

Hulle het die huis omsingel en hom die hele nag deur voorgelê by die stadspoort. Hulle het die hele nag in stilte gewag en gedink: môre ligdag maak ons hom dood.

3Maar Simson het net bly lê tot middernag. Toe staan hy op, vat die stadspoort se deure met hulle kosyne en al en ruk hulle so toegesluit uit. Hy het alles op sy skouer teen die berg regoor Hebron opgedra.

### Simson en Delila

4'n Ruk later het Simson verlief geraak op 'n vrou in die Sorekvallei. Haar naam was Delila. 5Die leiers van die Filistyne is toe na haar toe, en hulle het vir haar gesê: "Verlei hom en vind uit waarin lê sy groot krag en hoe ons hom kan oorrompel om hom vas te bind en in ons mag te kry. Elkeen van ons sal jou dan dertien kilogram silwer gee."

6Delila het toe vir Simson gevra: "Sê my tog waarin lê jou groot krag, en waarmee kan 'n mens jou vasbind om jou in sy mag te kry?"

7Simson het haar geantwoord: "As hulle my vasbind met sewe boogsnare wat nog klam is, sal ek magteloos wees. Ek sal soos 'n gewone mens wees."

8Die leiers van die Filistyne het vir haar sewe boogsnare wat nog klam is, gebring en sy het hom daarmee vasgebind. 9Daar het ook manne in haar kamer weggekruip. Toe sê sy vir Simson: "Die Filistyne is hier, Simson!"

Hy het die boogsnare gebreek soos 'n vlam garingdraad breek, en die geheim van sy krag het onbekend gebly.

10Daarna het Delila vir Simson gesê: "Jy het 'n gek van my gemaak en vir my leuens vertel. Sê my tog nou waarmee kan 'n mens jou vasbind."

11Hy het gesê: "As ek behoorlik vasgebind word met nuwe toue wat nog nooit gebruik is nie, sal ek magteloos wees. Ek sal soos 'n gewone mens wees."

12Delila het nuwe toue gevat en hom daarmee vasgebind, en toe sê sy vir hom: "Die Filistyne is hier, Simson!"

Daar het weer manne in haar kamer weggekruip, maar Simson het die toue aan sy arms gebreek asof dit garingdraad was.

13Delila het vir Simson gesê: "Hoe lank gaan jy nog 'n gek van my maak en vir my leuens vertel? Sê my tog waarmee kan jy vasgebind word."

Hy sê toe vir haar: "Jy moet net my sewe haarlokke in jou materiaal op die weefstoel vasweef."

14Toe sy alles klaar met 'n pen vasgesteek het, sê sy vir hom: "Die Filistyne is hier, Simson!"

Hy het wakker geskrik en die materiaal met pen en al uit die weefstoel losgeruk.

15Toe sê sy vir hom: "Hoe kan jy sê jy het my lief as jy my nie vertrou nie? Jy het my nou al drie keer bedrieg en my nie vertel waarin jou groot krag lê nie."

16So het sy dae lank by hom bly neul en hom lastig geval. Hy het so ongeduldig geraak dat hy kon sterf.

17Toe vertel hy haar sy lewensgeheim. Hy het vir haar gesê: "My hare is nooit geskeer

nie, want ek is van my geboorte af aan God gewy. As my hare afgeskeer word, sal my krag verdwyn en ek sal magteloos wees. Ek sal soos 'n gewone mens wees."

18Delila het besef dat hy haar hierdie keer sy lewensgeheim vertel het. Sy het toe die leiers van die Filistyne laat roep: "Kom hierdie keer! Hy het my sy lewensgeheim vertel."

Hulle het toe na haar toe gekom en die geld saamgebring. 19Sy het vir Simson op haar skoot aan die slaap gemaak en 'n man geroep, en sy het Simson se sewe haarlokke afgeskeer. So het sy hom laat swak word, sy krag het verdwyn. 20Toe sy sê: "Die Filistyne is hier, Simson!" het hy wakker geskrik en gedink: ek sal weer uitstap soos die vorige kere en my losruk.

Maar hy het nie besef dat die Here hom verlaat het nie. 21Die Filistyne het hom gegryp en sy oë uitgesteek. Hulle het hom na Gasa toe gevat en hom met 'n dubbele bronsketting geboei. In die tronk moes hy die meul draai.

22Daar het sy hare wat afgeskeer was, weer begin groei.

### Simson se laaste daad

23Die leiers van die Filistyne het bymekaargekom om 'n groot offer te bring vir hulle god Dagon en om fees te vier. Hulle het gesê:

"Ons god het ons vyand Simson in ons mag oorgegee."

24Toe die Filistyne hom sien, het hulle hulle god geprys en gesê:

"Ons god het ons vyand in ons mag oorgegee,

ons vyand wat ons land verwoes het, hy wat so baie van ons doodgemaak het!"

25Toe die Filistyne lekker vrolik was, het hulle gesê: "Roep vir Simson dat hy ons kom vermaak."

Hulle het toe vir Simson uit die tronk laat kom, en hy het hulle vermaak. Hulle het hom tussen die tempelpilare laat staan, 26en hy het vir die helper wat hom aan die hand vasgehou het, gesê: "Laat my so staan dat ek die pilare kan voel waarop die tempel rus en dat ek daarteen kan leun."

27Die tempel was vol mans en vrouens. Al die leiers van die Filistyne was daar, en op die dak was omtrent drie duisend mans en vrouens wat gekyk het hoe Simson hulle vermaak.

28Toe roep Simson tot die Here: "Here my God, dink tog aan my! Maak my tog net hierdie een keer sterk, o God, dat ek my met een daad op die Filistyne kan wreek oor my twee oë!"

29Simson het die twee middelpilare waarop die tempel rus, vasgevat en teen hulle geleun met sy regterarm om die een en sy linkerarm om die ander. 30Toe sê hy: "Laat my sterf saam met die Filistyne."

Hy het met al sy krag getrek, en die tempel het ingeval op die leiers van die Filistyne en op die mense daarin. So het Simson met sy dood meer mense doodgemaak as in sy lewe.

31Daarna het sy broers en sy hele familie gekom en sy lyk kom haal. Hulle het hom gevat en gaan begrawe tussen Sora en Estaol, in sy pa Manoag se graf.

Simson was twintig jaar lank leier van die Israeliete.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is.

2. Kleur die vers(e) in, wat 'n waarheid oor God beskryf.

3. Skryf 'n sin of vers neer van hoe hierdie Skrifgedeelte jou leer om as kind van God te lewe of glad nie te lewe nie.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n karakter uit vandag se Skrifgedeelte: watse optrede van hierdie persoon bewonder jy? Verduidelik hoekom.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Noem 'n karaktereienskap van God waarvan jy bewus word soos wat jy deur Rigters 16 gelees het.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

www.thedesertcall.com

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God sal leer herken soos wat hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Laai Kreatiewe en Refelksie Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com